

WET OP HOËR ONDERWYS 101 VAN 1997

[GOEDGEKEUR OP 26 NOVEMBER 1997][DATUM VAN INWERKINGTREDING: 19 DESEMBER 1997]

(Engelse teks deur die President geteken)

soos gewysig by

Wysigingswet op Hoër Onderwys 55 van 1999
Wysigingswet op Hoër Onderwys 54 van 2000
Wysigingswet op Hoër Onderwys 23 van 2001
Wysigingswet op Hoër Onderwys 63 van 2002
Wysigingswet op Hoër Onderwys 38 van 2003
Wysigingswet op Hoër Onderwys 39 van 2008
"Higher Education Amendment Act 26 of 2010"

WET

Om hoër onderwys te reël; om vir die instelling, samestelling en werksaamhede van 'n Raad vir Hoër Onderwys voorsiening te maak; om vir die instelling, beheer en befondsing van openbare inrigtings vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die aanstelling en werksaamhede van 'n onafhanklike assessor voorsiening te maak; om vir die registrasie van private inrigtings vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir gehalteversekering en gehaltebevordering in hoër onderwys voorsiening te maak; om vir oorgangsbepalings en die herroeping van sekere wette voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Aanhef

AANGESIEN DIT WENSLIK IS OM-

'N ENKELE, GEKÖRDINEERDE STELSEL vir hoër onderwys te vestig wat koöperatiewe bestuur bevorder en voorsiening maak vir programgebaseerde hoër onderwys;

PROGRAMME EN INRIGTINGS te herstruktureer en te herskep ten einde beter te voldoen aan die behoeftes van menslike hulpbronne, die ekonomie en ontwikkeling in die Republiek;

DISKRIMINASIE VAN DIE VERLEDE reg te stel en verteenwoordigendheid en gelyke toegang te verseker;

OPTIMALE GELEENTHEDE te bied vir leer en die skep van kennis;

DIE WAARDES wat 'n oop en demokratiese gemeenskap gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, te bevorder;

VRYHEID van godsdiens, geloof en opinie te respekteer;

DEMOKRASIE, akademiese vryheid, vryheid van spraak en uitdrukking, kreatiwiteit, geleerdheid en navorsing te respekteer en aan te moedig;

UITNEMENDHEID na te streef, en die volle verwesenliking van die potensiaal van elke student en werknemer, verdraagsaamheid teenoor idees en waardering vir verskeidenheid te bevorder;

TE REAGEER OP die behoeftes van die Republiek en van die gemeenskappe wat deur die inrigtings bedien word;

BY TE DRA TOT die bevordering van alle vorms van kennis en geleerdheid, in ooreenstemming met internasionale standarde van akademiese gehalte;

EN AANGESIEN DIT WENSLIK IS DAT inrigting vir hoër onderwys vryheid en outonomie geniet in hulle verhouding met die Staat binne die konteks van openbare aanspreeklikheid en die nasionale behoefte aan gevorderde vaardighede en wetenskaplike kennis;

WORD DAAR DERHALWE bepaal deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

INHOUDSOPGAWE

HOOFSUK 1

WOORDOMSKRYWING, TOEPASSING EN BELEIDSBEPALING

Artikel

- 1 Woordomskrywing
- 2 Toepassing
- 3 Bepaling van beleid oor hoër onderwys

HOOFSUK 2

RAAD VIR HOËR ONDERWYS

- 4 Instelling van Raad vir Hoër Onderwys (RHO)
- 5 Werksaamhede van RHO
- 6 Inligting verstrekte word aan RHO
- 7 Kwalifikasies, gehaltebevordering en gehalteversekering
- 8 Samestelling van RHO
- 9 Ampstermyn van lede
- 10 Ontruiming van amp deur lede

- 11 Vul van vakatures
- 12 Uitvoerende beampte en werknemers van RHO
- 13 Uitvoerende komitee van RHO
- 14 Komitees van RHO
- 15 Vergaderings van RHO en komitees
- 16 Fondse van RHO
- 17 Besoldiging en toelaes van lede van RHO en komitees
- 18 Jaarlikse ouditering
- 19 Jaarverslag

HOOFSTUK 3 OPENBARE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS

- 20 Instelling van openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 21 Verklaring van onderwysinrigtings tot openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 22 Gevolge van verklaring tot openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 23 Samesmelting van openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 24 Inkorporering van onderafdelings van openbare inrigtings vir hoër onderwys

[A. 24 vervang by a. 6 van Wet 63 van 2002.]

- 25 Sluiting van openbare inrigtings vir hoër onderwys

HOOFSTUK 4 BEHEER VAN OPENBARE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS

- 26 Institusionele beheerstrukture
- 27 Raad van openbare inrigting vir hoër onderwys
- 28 Senaat van openbare inrigting vir hoër onderwys
- 29 Komitees van raad en senaat
- 30 Hoof van openbare inrigting vir hoër onderwys
- 31 Institusionele forum
- 32 Institusionele statute en institusionele reëls
- 33 Minister moet institusionele statute goedkeur of uitvaardig
- 34 Aanstelling en diensvoorwaardes van werknemers van openbare inrigtings vir

- hoër onderwys
- 35 Verteenwoordigende studenteraad
- 36 Tugmaatreëls
- 37 Toelating tot openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 38 Samewerking tussen openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 38A Instelling van nasionale instituut vir hoër onderwys
 [A. 38A vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38B Werksaamhede van nasionale instituut vir hoër onderwys
 [A. 38B vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38C Samestelling van raad
 [A. 38C vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38D Ampstermyn van voorsitter en lede
 [A. 38D vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38E Ontruiming van amp
 [A. 38E vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38F Vul van vakatures
 [A. 38F vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38G Fondse van nasionale instituut vir hoër onderwys
 [A. 38G vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38H Jaarlikse audit
 [A. 38H vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]
- 38I Jaarverslag
 [A. 38I vervang by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

HOOFSTUK 5 BEFONDSING VAN OPENBARE HOËR ONDERWYS

- 39 Toewysing van fondse deur Minister
- 40 Fondse van openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 41 Raad moet rekords hou en inligting verstrek

- 42 Stappe by versuim van raad om aan hierdie Wet of bepaalde voorwaardes te voldoen

HOOFSTUK 6 ONAFHANKLIKE ASSESSOR

- 43 Aanstelling van onafhanklike evalueringspaneel
44 Aanstelling van onafhanklike assessor
45 Gevalle waar onafhanklike assessor aangestel kan word
46 Onafhanklike assessor kan vir twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys aangestel word
47 Werksaamhede van onafhanklike assessor
48 Bystand aan onafhanklike assessor
49 Besoldiging en toelaes

HOOFSTUK 7 PRIVATE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS

- 50 Aanwysing van registrateur
51 Registrasie van private inrigtings vir hoër onderwys
52 Aansoek om registrasie
53 Vereistes vir registrasie
54 Besluit oor aansoek om registrasie
55 Registrasiesertifikaat
56 Toegang tot inligting
57 Rekords en ouditerings
58 Wysiging van registrasie
59 Vereistes vir wysiging van registrasie en besluit oor aansoek
60 Voorwaardes vir registrasie
61 Wysiging of kansellering van voorwaardes
62 Kansellering van registrasie
63 Stappe voor wysiging of kansellering
64 Appèl na Minister

HOOFSTUK 8

ALGEMEEN

- 65 Naamsverandering van openbare inrigting vir hoër onderwys
- 65A Setel van openbare inrigting vir hoër onderwys
- 65B Grade, diplomas en sertifikate
- 65C Eregrade
- 65D Kwalifikasies op Nasionale Kwalifikasieraamwerk geregistreer

[A. 65D ingevoeg by a. 3 van Wet 26 van 2010.]

- 66 Misdrywe
- 67 Beperking van aanspreeklikheid
- 68 Delegering van bevoegdhede
- 69 Regulasies
- 70 Toepassing van Wet wanneer strydig met ander wette

HOOFTUK 9 OORGANGS- EN ANDER BEPALINGS

- 71 Bestaande statute en reëls van openbare inrigtings vir hoër onderwys
- 72 Bestaande teknikons en universiteite
- 73 Afskaffing van Adviesraad vir Universiteite en Teknikons
- 74 Afskaffing van statutêre status van Komitee van Universiteitshoofde, Matrikulasieraad en Komitee van Teknikonhoofde
- 75 Vrystelling van bestaande private inrigtings vir hoër onderwys
- 76 Herroeping van wette
- 77 Kort titel

HOOFTUK 1

WOORDOMSKRYWING, TOEPASSING EN BELEIDSBEPALING (aa 1-3)

1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"adjunkhoof" ook 'n viserektor en 'n adjunk-visekanselier;

"akademiese werknemer" 'n persoon aangestel om onderrig te gee of navorsing te doen aan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys en enige ander werknemer as sodanig aangewys

deur die raad van daardie inrigting

"applikant" 'n persoon wat 'n aansoek bedoel in Hoofstuk 7 doen;

"boekjaar" 'n jaar wat 'n aanvang neem op die eerste dag van April en eindig op die een-en-dertigste dag van Maart van die daaropvolgende jaar;

"buitelandse regspersoon" 'n persoon wat-

- (i) ingevolge 'n wet van 'n vreemde land as 'n regspersoon geregistreer of ingestel is; en
- (ii) as 'n buitelandse maatskappy ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), erken of geregistreer is;

[Omskrywing van "buitelandse regspersoon" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 54 van 2000.]

"Departement van Onderwys" die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding;

[Omskrywing van "Departement van Onderwys" vervang by a. 1 (a) van Wet 26 van 2010.]

"Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

[Omskrywing van "Direkteur-generaal" vervang by a. 1 (b) van Wet 26 van 2010.]

"gehalteraad" dieselfde as "quality council" soos omskryf in artikel 1 van die "National Qualifications Framework Act, 2008";

[Omskrywing van "gehalteraad" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 39 van 2008.]

"graad 12" die hoogste graad waarin onderwys voorsien word deur 'n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

"hierdie Wet" ook die regulasies wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is;

"hoër onderwys" alle studieprogramme wat lei tot 'n kwalifikasie wat aan die vereistes van die KRHO voldoen;

[Omskrywing van "hoër onderwys" vervang by a. 1 (b) van Wet 39 van 2008.]

"hoof" die hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys, en sluit 'n vise-kanselier en 'n rektor in;

"inkorporering van 'n onderafdeling" die proses van inkorporering soos in artikel 21 (1) (b) of 24 beoog ingevolge waarvan 'n geïdentifiseerde onderafdeling, fakulteit, skool, departement, seksie of komponent van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of onderwysinrigting deel word van 'n ander openbare inrigting vir hoër onderwys terwyl die regspersoonlikheid van laasgenoemde inrigting soos in artikel 20 (4) beoog nie deur die

inkorporering geaffekteer word nie, en het **"'n geïnkorporeerde onderafdeling"** 'n ooreenstemmende betekenis;

[Omskrywing van "inkorporering van 'n onderafdeling" ingevoeg by a. 1 (b) van Wet 63 van 2002.]

"inrigting vir hoër onderwys" enige inrigting wat hoër onderwys op 'n voltydse, deeltydse of afstandsgrondslag verskaf en wat-

- (a) saamgesmelt, ingestel of geag ingestel te wees as 'n openbare inrigting vir hoër onderwys ingevolge hierdie Wet; of
- (b) ingevolge hierdie Wet tot openbare inrigting vir hoër onderwys verklaar is; of
- (c) geregistreer of voorlopig geregistreer is as 'n private inrigting vir hoër onderwys kragtens hierdie Wet;

[Omskrywing van "inrigting vir hoër onderwys" vervang by a. 1 (a) van Wet 63 van 2002.]

"institusionele forum" die liggaam in artikel 31 beoog;

"institusionele reëls" enige reëls deur die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens artikel 32 uitgevaardig;

"institusionele statuut" die statuut deur die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens artikel 32 uitgevaardig;

"kollege" 'n kollege ingestel of verklaar as 'n kollege kragtens hierdie Wet;

"Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys" die komitee van die RHO ingevolge artikel 7 (1) ingestel;

"KRHO" die Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Onderwys;

[Omskrywing van "KRHO" ingevoeg by a. 1 (c) van Wet 39 van 2008.]

"Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Onderwys" die beleid oor hoër onderwys-

- (a) deur die Minister ingevolge artikel 3 bepaal en gepubliseer; en
- (b) in artikel 7 (b) van die "National Qualifications Framework Act" bedoel as die subraamwerk vir hoër onderwys;

[Omskrywing van "Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Onderwys" ingevoeg by a. 1 (c) van Wet 39 van 2008.]

"Minister" beteken die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding

[Omskrywing van "Minister" vervang by a. 1 (c) van Wet 26 van 2010.]

"Nasionale Kwalifikasieraamwerk" die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog met "National Qualifications Framework" in die "National Qualifications Framework Act";

[Omskrywing van "Nasionale Kwalifikasieraamwerk" ingevoeg by a. 1 (d) van Wet 39 van 2008.]

"National Qualifications Framework Act" die "National Qualifications Framework Act, 2008";

[Omskrywing van "National Qualifications Framework Act" ingevoeg by a. 1 (d) van Wet 39 van 2008.]

"om hoër onderwys te voorsien"-

(a) die registrasie van studente vir hoër onderwys;

[Par. (a) vervang by a. 1 (e) van Wet 39 van 2008.]

(b) die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die voorsiening en lewering van die kurrikulums;

(c) die evaluering van studente betreffende hul leerprogramme; en

(d) die toekenning van kwalifikasies,

in die naam van die betrokke inrigting vir hoër onderwys;

[Omskrywing van "om hoër onderwys te voorsien" ingevoeg by a. 1 (b) van Wet 54 van 2000.]

"openbare inrigting vir hoër onderwys" 'n inrigting vir hoër onderwys ingestel, geag ingestel te wees of verklaar tot 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens hierdie Wet;

"ouditeur" 'n persoon wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet 80 van 1991), as sodanig geregistreer is;

"plaaslike regspersoon" 'n persoon wat as 'n regspersoon ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), in Suid-Afrika ingestel is;

[Omskrywing van "plaaslike regspersoon" ingevoeg by a. 1 (c) van Wet 54 van 2000.]

"private inrigting vir hoër onderwys" enige inrigting geregistreer of voorwaardelik geregistreer as 'n private inrigting vir hoër onderwys ingevolge Hoofstuk 7;

"raad" die bestuursliggaam van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys;

"registrateur" die registrateur bedoel in artikel 50 (1);

[Omskrywing van "registrateur" vervang by a. 1 van Wet 55 van 1999.]

"RHO" die Raad vir Hoër Onderwys by artikel 4 ingestel;

"SAKO" die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid ingestel by artikel 3 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995);

"samesmelting" die proses in artikel 23 beoog ingevolge waarvan twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys hulle status as regspersone verloor op die datum waarop hulle saamsmelt in 'n nuwe regspersoon soos in artikel 20 (4) beoog;

[Omskrywing van "samesmelting" ingevoeg by a. 1 (c) van Wet 63 van 2002.]

"senaat" die liggaam in artikel 28 beoog en sluit 'n akademiese raad in;

"staatsorgaan" 'n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;

"student" 'n persoon wat as 'n student aan 'n inrigting vir hoër onderwys geregistreer is;

"tegnikon" 'n teknikon ingestel, geag ingestel te wees of verklaar tot 'n teknikon kragtens hierdie Wet;

"universiteit" 'n universiteit ingestel, geag ingestel te wees of verklaar tot 'n universiteit kragtens hierdie Wet;

"voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf;

"werkgewer" die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys;

"werknemer" enige persoon wat by 'n openbare inrigting vir hoër onderwys in diens is.

2 Toepassing

Hierdie Wet is van toepassing op hoër onderwys in die Republiek van Suid-Afrika.

3 Bepaling van beleid oor hoër onderwys

(1) Die Minister moet beleid oor hoër onderwys bepaal na oorleg met die RHO.

(2) Die Minister moet-

- (a) die beleid by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer; en
- (b) die beleid in die Parlement ter tafel lê.

(3) Die Minister kan, ingevolge die beleid in subartikel (1) beoog en in belang van die hoër onderwysstelsel as 'n geheel, die bestek en omvang van werksaamhede bepaal van-

- (a) openbare inrigtings vir hoër onderwys;
- (b) private inrigtings vir hoër onderwys; en

- (c) individuele openbare of private inrigtings vir hoër onderwys.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 2 van Wet 54 van 2000.]

HOOFSUK 2

RAAD VIR HOËR ONDERWYS (aa 4-19)

4 Instelling van Raad vir Hoër Onderwys (RHO)

Die Raad vir Hoër Onderwys (RHO) word hierby as 'n regs persoon ingestel.

5 Werksaamhede van RHO

(1) Die RHO kan die Minister oor enige aspek van hoër onderwys adviseer op eie inisiatief en moet-

- (a) die Minister oor enige aspek van hoër onderwys op versoek van die Minister adviseer;
- (b) konferensies reël en koördineer;
- (c) behoudens artikel 7 (1) (b), deur middel van sy permanente komitee, die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys-
 - (i) gehalteversekering in hoër onderwys bevorder;
 - (ii) die gehalteversekeringsmeganismes van inrigtings vir hoër onderwys ouditeer; en
 - (iii) programme vir hoër onderwys akkrediteer;
- (d) inligting betreffende ontwikkelings in hoër onderwys, met inbegrip van verslae oor die stand van hoër onderwys, op 'n gereelde grondslag publiseer;
- (e) die toegang van studente tot inrigtings vir hoër onderwys bevorder; en
- (f) enige ander werksaamheid verrig-
 - (i) ingevolge hierdie Wet of die "National Qualifications Framework Act" aan hom verleen of toegewys;

[Par. (d) vervang by a. 1 van Wet 38 van 2003.]

[Sub-par. (i) vervang by a. 2 (a) van Wet 39 van 2008.]

- (ii) by kennisgewing in die *Staatskoerant* deur die Minister aan hom gedelegeer of toegewys.

(2) Die advies beoog in subartikel (1) (a) sluit advies in oor-

- (a) kwalifikasies, gehaltebevordering en gehalteversekering;

[Par. (a) vervang by a. 2 (b) van Wet 39 van 2008.]

- (b) navorsing;
- (c) die struktuur van die stelsel van hoër onderwys;
- (d) die beplanning van die stelsel van hoër onderwys;
- (e) 'n meganisme vir die toewysing van openbare fondse;
- (f) finansiële bystand vir studente;
- (g) ondersteuningsdienste vir studente;
- (h) die bestuur van inrigtings vir hoër onderwys en die stelsel van hoër onderwys;
en
- (i) taalbeleid.

(3) Die Minister moet-

- (a) die advies van die RHO oorweeg; en
- (b) skriftelik redes aan die RHO verstrek indien die Minister nie die advies aanvaar nie.

(4) Die Minister kan sonder die advies van die RHO optree-

- (a) indien die aangeleentheid dringend is; of
- (b) indien die RHO versuim om die advies binne 'n redelike tyd te verskaf.

(5) Indien die Minister sonder die advies van die RHO optree, moet die Minister-

- (a) die RHO van die optrede in kennis stel; en
- (b) skriftelik redes aan die RHO vir die optrede verskaf.

6 Inligting verstrek te word aan RHO

Elke nasionale en provinsiale staatsdepartement, elke wetenskaplike, navorsings- en professionele raad wat staatsbefondsing ontvang en elke inrigting vir hoër onderwys moet die RHO voorsien van die inligting wat die RHO redelikerwys nodig het vir die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

7 Kwalifikasies, gehaltebevordering en gehalteversekering

(1) Die RHO verrig sy werksaamhede rakende kwalifikasies, gehalteversekering en

gehaltebevordering-

- (a) ingevolge hierdie Wet; en
- (b) in sy hoedanigheid as die gehalteraad vir hoër onderwys, ingevolge die "National Qualifications Framework Act".

(2) Die RHO is verantwoordelik vir die inwerkingstelling van die KRHO.

(3) Die RHO moet die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys instel as 'n permanente komitee wat die gehalteversekering- en gehaltebevorderingswerkzaamhede van die RHO ingevolge hierdie Wet en die "National Qualifications Framework Act" moet uitvoer.

(4) Die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys kan, met die instemming van die RHO, komitees instel om hom in die uitvoering van sy werkzaamhede by te staan.

(5) Die RHO kan gelde hef vir enige diens wat die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys aan enige persoon, inrigting of staatsorgaan lewer.

(2) Ondanks die vervanging van artikel 7 van die Hoofwet deur subartikel (1) hou die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel bestaan het, aan om te bestaan-

- (a) asof dit ingevolge artikel 7 (3) van die Hoofwet ingestel is; en
- (b) totdat 'n Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys ingevolge artikel 7 (3) van die Hoofwet ingestel word.

[A 7. gewysig by a. 1 van Wet 23 van 2001 en vervang by a. 3 (1) van Wet 39 van 2008.]

8 Samestelling van RHO

(1) Die RHO bestaan uit-

- (a) 'n voorsitter;
- (b) gewone lede;
- (c) gekoöpteerde lede; en
- (d) lede sonder stemreg.

(2) Die verkiesing van die voorsitter, gewone lede en gekoöpteerde lede word onderneem op 'n wyse wat, so ver moontlik, verseker dat-

- (a) die werkzaamhede van die RHO ingevolge hierdie Wet in ooreenstemming met die hoogste professionele standaarde uitgevoer word;
- (b) die lede as geheel geneem-

- (i) in die algemeen verteenwoordigend van die stelsel van hoër onderwys en verwante belange is;
 - (ii) beskik oor diepgaande kennis en begrip van hoër onderwys en navorsing;
 - (iii) die rol van die stelsel van hoër onderwys in heropbou en ontwikkeling begryp; en
 - (iv) oor bekende en verklaarde toewyding aan die belange van hoër onderwys beskik;
- (c) die nodige aandag aan verteenwoordigendheid op die RHO op toepaslike gronde soos ras en gestremdheid gegee word; en
- (d) die lede in subartikel (1) (b) en (c) beoog uit gelyke getalle vroue en mans bestaan.

(3) Die Minister moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in twee nasionale koerante wat in elke provinsie van die Republiek versprei word, en op enige ander wyse wat die Minister nodig ag, benoemings versoek vir die voorsitter en gewone lede van die RHO vanaf-

- (a) die publiek;
- (b) nasionale organisasies wat verteenwoordigend is van studente, akademiese werknemers, ander werknemers as akademiese werknemers, hoofde van universiteite, hoofde van teknikons, hoofde van kolleges vir hoër onderwys, hoofde van private inrigtings vir hoër onderwys, die verdere onderwyssektor, die afstandsonderrigsektor, opvoeders, georganiseerde handel en georganiseerde arbeid;

[Par. (b) vervang by a. 2 van Wet 63 van 2002.]

- (c) navorsings- en wetenskaplike rade; en
- (d) nie-regeringsorganisasies.

(4) Die Minister moet die benoemings beoog in subartikel (3) oorweeg, en uit die persone so benoem-

- (a) die voorsitter van die RHO; en
- (b) hoogstens 13 gewone lede van die RHO,

aanstel.

(5) Ten minste drie van die lede beoog in subartikel (4) (b) moet van buite die hoër onderwyssektor kom en moet aangestel word op grond van hul besondere kundigheid en

ervaring.

(6) Die Minister moet agt lede van die RHO sonder stemreg aanstel, soos benoem deur die Direkteur-generaal, die provinsiale onderwyshoofde, die Direkteur-generaal van die Departement van Wetenskap en Tegnologie, die Direkteur-generaal van die Departement van Arbeid, die Nasionale Navorsingstigting ingestel ingevolge die Wet op die Nasionale Navorsingstigting, 1998 (Wet 23 van 1998), en die hoof- uitvoerende beamptes van SAKO en die ander gehalterade in hul amptelike hoedanigheid.

[Sub-a. (6) vervang by a. 2 van Wet 23 van 2001 en by a. 4 van Wet 39 van 2008.]

(7) Die RHO kan hoogstens drie lede koöpteer.

9 Ampstermyn van lede

(1) Die voorsitter van die RHO beklee sy of haar amp vir 'n tydperk van vyf jaar.

(2) Elke gewone lid van die RHO beklee sy of haar amp vir 'n tydperk van vier jaar.

(3) Enige gekoöpteerde lid van die RHO beklee sy of haar amp vir 'n tydperk deur die RHO bepaal.

(4) 'n Lid van die RHO mag nie vir meer as twee aaneenlopende ampstermyne dien nie.

10 Ontruiming van amp deur lede

'n Lid van die RHO ontruim sy of haar amp indien die lid-

- (a) bedank deur skriftelik kennis aan die voorsitter te gee of, in die geval van die voorsitter, aan die Minister;
- (b) afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die RHO sonder verlof van die voorsitter of, in die geval van die voorsitter, die verlof van die uitvoerende komitee van die RHO;
- (c) insolvent verklaar is, uit 'n posisie van vertroue deur 'n geregshof verwyder is, of skuldig bevind is aan 'n oortreding waarin oneerlikheid betrokke is of 'n oortreding waarvoor die vonnis tronkstraf sonder die keuse van 'n boete is; of
- (d) ongeskik verklaar is deur 'n geregshof om na sy of haar persoonlike sake om te sien.

11 Vul van vakatures

(1) Indien 'n lid sy of haar amp ontruim, moet daardie vakature by wyse van benoeming, aanstelling of koöptering in ooreenstemming met artikel 8 gevul word.

(2) 'n Lid wat in ooreenstemming met subartikel (1) benoem is, dien vir die onverstreke

ampstermyn van die voorganger.

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 3 van Wet 54 van 2000.]

(3) Ondanks artikel 8 (3) moet die Minister op skrif benoemings vra vir die vul van 'n vakature beoog in subartikel (1) van-

- (a) nasionale organisasies verteenwoordigend van-
 - (i) studente;
 - (ii) akademiese werknemers;
 - (iii) ander werknemers as akademiese werknemers;
 - (iv) rektore van universiteite;
 - (v) hoofde van teknikons;
 - (vi) hoofde van kolleges vir hoër onderwys;
 - (vii) hoofde van private inrigtings vir hoër onderwys;
 - (viii) georganiseerde handel; en
 - (ix) georganiseerde arbeid; en
- (b) navorsings- en wetenskaprade.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 3 van Wet 54 van 2000.]

12 Uitvoerende beampte en werknemers van RHO

(1) Die RHO moet 'n uitvoerende beampte aanstel om-

- (a) die werksaamhede te verrig deur die RHO bepaal;
- (b) oor die werknemers van die RHO toesig te hou; en
- (c) verantwoording vir die bates en laste van die RHO te doen.

(2) Die RHO kan die ander werknemers aanstel wat hy nodig ag om die uitvoerende beampte by te staan.

(3) Die RHO moet, met die instemming van die Minister en die Minister van Finansies, die diensvoorwaardes van die uitvoerende beampte en die ander werknemers van die RHO bepaal.

13 Uitvoerende komitee van RHO

(1) Die RHO moet 'n uitvoerende komitee instel en sy werksaamhede bepaal.

(2) Die uitvoerende komitee bestaan uit-

- (a) die voorsitter van die RHO; en
- (b) vier ander lede aangestel deur die RHO.

(3) 'n Besluit van die uitvoerende komitee word geag 'n besluit van die RHO te wees, tensy die besluit herroep word op die volgende vergadering van die RHO.

(4) Enigiets gedoen as gevolg van 'n besluit van die uitvoerende komitee is nie ongeldig voor die herroeping daarvan slegs vanweë die feit dat die besluit deur die RHO kragtens subartikel (3) herroep is nie.

14 Komitees van RHO

(1) Die RHO kan, benewens die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys en die uitvoerende komitee, ander komitees instel om hom by te staan in die verrigting van sy werksaamhede.

(2) Enige komitee behalwe die uitvoerende komitee kan persone wat nie lede van die RHO is nie, insluit.

(3) Die voorsitter van 'n komitee moet deur die RHO aangestel word.

(4) Lede van komitees bedoel in subartikel (2) kan aangestel word vir die tydperk of tydperke wat die RHO bepaal.

15 Vergaderings van RHO en komitees

(1) Vergaderings van die RHO en sy komitees word op die tye en plekke gehou wat die betrokke voorsitter bepaal, maar die voorsitter moet 'n vergadering byeenroep minstens twee keer per jaar of indien skriftelik so versoek deur ten minste een derde van die lede van die RHO of die komitee, na gelang van die geval.

(2) Wanneer die voorsitter van enige vergadering van die RHO of 'n komitee afwesig is, moet die aanwesige lede iemand uit hulle geledere kies wat op daardie vergadering voorsit.

(3) Die RHO kan reëls uitvaardig betreffende die prosedure op vergaderings van die RHO en sy komitees, met inbegrip van die kworum vir die vergaderings en enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is vir die verrigting van sy werksaamhede.

(4) Die verrigtinge op 'n vergadering van die RHO of van 'n komitee is nie ongeldig slegs vanweë 'n vakature in die RHO of die komitee, na gelang van die geval, ten tyde van so 'n vergadering nie.

16 Fondse van RHO

(1) Die fondse van die RHO bestaan uit-

- (a) geld bewillig deur die Parlement;
- (b) skenkings, bydraes en ander inkomste ontvang deur die RHO uit watter bron ook al; en
- (c) geld betaalbaar deur enige persoon, inrigting of staatsorgaan vir dienste gelewer deur die RHO of die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys.

(2) Die RHO-

- (a) moet in elke boekjaar op die tyd en op die wyse wat die Minister bepaal, 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawe vir die daaropvolgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, verleen met die instemming van die Minister van Finansies;
- (b) kan in enige boekjaar aangepaste state van sy geraamde inkomste en uitgawe aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, verleen met die instemming van die Minister van Finansies;
- (c) mag nie enige uitgawe aangaan wat die totale bedrag oorskry ingevolge paragrawe (a) en (b) goedgekeur nie.

(3) Indien die Minister nie die RHO se staat van sy geraamde inkomste en uitgawe goedkeur nie, moet die Minister van die RHO vereis om 'n hersiene staat binne 'n vasgestelde tydperk aan hom of haar te voorsien.

(4) Die geld beoog in subartikel (1) moet deur die RHO gebruik word ooreenkomstig die goedgekeurde staat bedoel in subartikel (2), en enige onbestede balans moet as 'n krediet na die volgende boekjaar oorgedra word.

(5) Behoudens subartikel (4) kan die RHO enige deel van sy fondse op die wyse belê wat die Minister, met instemming van die Minister van Finansies, goedkeur.

17 Besoldiging en toelaes van lede van RHO en komitees

Die voorsitter van die RHO, elke ander lid en enige persoon aangestel as 'n komiteelid wat nie in die heeltidse diens van die Staat is nie, kan, ten opsigte van dienste deur hom of haar in verband met die sake van die RHO of 'n komitee gelewer, deur die RHO-

- (a) die reis-, verblyf- en ander toelaes; en
- (b) in die geval van die voorsitters van die RHO en die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys, die bykomende besoldiging;

[Par. (b) vervang by a. 3 van Wet 23 van 2001.]

betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

18 Jaarlikse ouditering

Die rekeningboeke en finansiële state van die RHO moet aan die einde van elke boekjaar deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

19 Jaarverslag

(1) Die RHO moet binne ses maande na die einde van elke boekjaar 'n verslag aan die Minister voorlê oor die verrigting van sy werksaamhede gedurende die afgelope boekjaar.

[Sub-a. (1) vervang by a. 2 van Wet 55 van 1999.]

(2) Die Minister moet afskrifte van die verslag so gou as redelikerwys doenlik in die Parlement ter tafel lê.

HOOFSTUK 3 OPENBARE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS (aa 20-25)

20 Instelling van openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Die Minister kan, na oorleg met die RHO, by kennisgewing in die *Staatskoerant* en met geld deur die Parlement vir daardie doel bewillig, 'n universiteit, technikon of kollege instel.

(2)

[Sub-a. (2) geskrap by a. 4 (a) van Wet 23 van 2001.]

(3) Die kennisgewing beoog in subartikel (1) moet-

- (a) die datum van instelling van die inrigting;
- (b) die soort inrigting en die naam daarvan; en
- (c) die fisiese ligging en amptelike adres van die inrigting,

bepaal.

(4) Elke openbare inrigting vir hoër onderwys ingestel, saamgesmelt, geag ingestel te wees, of verklaar tot openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens hierdie Wet, is 'n regspersoon.

[Sub-a. (4) vervang by a. 3 van Wet 63 van 2002.]

(5) Ondanks subartikel (4) mag 'n openbare inrigting vir hoër onderwys nie sonder die instemming van die Minister op enige wyse enige onroerende goed wat verkry is met die finansiële bystand van die Staat van die hand sit of vervreem of aan enige persoon enige saaklike reg of serwituut daarop verleen nie.

(6) Die Minister moet in die kennisgewing in subartikel (1) beoog, 'n tussentydse raad

instel vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, om die werksaamhede met betrekking tot beheer, uitgesonderd die opstelling van 'n institusionele statuut, te verrig.

[Sub-a. (6) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

(7) Die Minister kan die tydperk in subartikel (6) bedoel, een keer vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

(8) Die lede van die tussentydse raad in subartikel (6) beoog, word deur die Minister aangestel en bestaan uit-

- (a) die voorsitter; en
- (b) vier ander lede.

[Sub-a. (8) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

(9) Die tussentydse raad moet drie lede van die tussentydse bestuur in subartikel (10) (a) beoog, koöpteer en hierdie gekoöpteerde lede het nie stemreg nie.

[Sub-a. (9) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

(10) Afgesien van die werksaamhede in subartikel (6) beoog, moet die tussentydse raad in besonder-

- (a) 'n tussentydse liggaam aanstel om die dag tot dag aktiwiteite van die inrigting te bestuur;
- (b) toesien dat 'n raad ingevolge die standaard institusionele statuut in artikel 33 (3) beoog, saamgestel word; en
- (c) toesien dat die ander strukture wat in die standaard institusionele statuut beoog in artikel 33 (3) bepaal word, saamgestel word.

[Sub-a. (10) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

(11) Enige besluit van die tussentydse raad wat die reg van enige struktuur van die openbare inrigting vir hoër onderwys raak, mag slegs geneem word na oorleg met sodanige struktuur.

[Sub-a. (11) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 23 van 2001.]

21 Verklaring van onderwysinrigtings tot openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Die Minister kan, na oorleg met die RHO en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige onderwysinrigting wat hoër onderwys aanbied, verklaar tot-

- (a) 'n universiteit, technikon of kollege; of
- (b) 'n geïnkorporeerde onderafdeling van 'n universiteit, technikon of kollege.

[Par. (b) vervang by a. 4 (a) van Wet 63 van 2002.]

(2) Die kennisgewing beoog in subartikel (1) moet-

- (a) die datum waarop die onderwysinrigting 'n universiteit, technikon of kollege of 'n onderafdeling van 'n universiteit, technikon of kollege, na gelang van die geval, word;
- (b) die naam van die universiteit, technikon of kollege; en
- (c) die fisiese ligging en amptelike adres van die universiteit, technikon of kollege,

bepaal.

(3) Die Minister kan kragtens subartikel (1) optree slegs-

- (a) na oorleg met-
 - (i) die bestuursliggaam van die onderwysinrigting, indien dit 'n openbare inrigting is;
 - (ii) die raad van die bestaande openbare inrigting vir hoër onderwys, indien die onderwysinrigting tot 'n onderafdeling van die bestaande openbare inrigting vir hoër onderwys verklaar staan te word; of
 - (iii) die verantwoordelike Minister, Lid van die Uitvoerende Raad of owerheid, indien die onderwysinrigting geadministreer, beheer of befonds word deur 'n ander staatsorgaan as die Departement van Onderwys; en
- (b) na die Minister-
 - (i) 'n kennisgewing gepubliseer het in een of meer koerante wat in die gebied versprei word waarin die onderwysinrigting hoër onderwys aanbied met die redes vir die verklaring bedoel in subartikel (1) in al die amptelike tale wat gebruik word as onderrigmedia deur die betrokke onderwysinrigting;

[Sub-par. (i) vervang by a. 4 (b) van Wet 63 van 2002.]

- (ii) belanghebbendes geleentheid gegee het om verhoër te word; en
- (iii) die verhoër oorweeg het;

(c) indien dit 'n private inrigting is, met instemming van die eienaar van die onderwysinrigting en die Minister van Finansies.

(3A) Artikel 20 (6) tot (11), met die veranderinge vereis deur die konteks, is van toepassing op 'n verklaring in subartikel (1) (a) bedoel.

[Sub-a. (3A) ingevoeg by a. 5 van Wet 23 van 2001.]

(4) Niks in hierdie Wet of enige ander wet word geag die Minister te verplig om 'n onderwysinrigting tot 'n openbare inrigting vir hoër onderwys te verklaar ingevolge hierdie artikel nie.

(5) (a) Ondanks artikels 197 en 197A van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995), word die dienskontrakte tussen die onderwysinrigting (hierin "die ou werkgever" genoem) en sy werknemers na die verklaarde inrigting vir hoër onderwys (hierin "die nuwe werkgever" genoem) outomaties oorgeplaas vanaf die datum van die verklaring in subartikel (1) beoog, maar enige herontplooiing van 'n werknemer as 'n gevolg van die verklaring is onderhewig aan toepaslike arbeidswetgewing.

(b) Indien 'n onderwysinrigting tot inrigting vir hoër onderwys verklaar word soos in subartikel (1) beoog, bly alle regte en verpligtings tussen die ou werkgever en elke werknemer op die datum van die verklaring van krag asof dit regte en verpligtings tussen die nuwe werkgever en elke werknemer is, en enigiets wat voor die verklaring deur of met betrekking tot die ou werkgever gedoen is, word geag deur of met betrekking tot die nuwe werkgever gedoen te wees.

(c) 'n Verklaring in subartikel (1) bedoel onderbreek nie die werknemer se ononderbroke diens nie.

(d) Die bepalings van hierdie subartikel raak nie die aanspreeklikheid van enige persoon wat vir enige misdryf of wangedrag gedissiplineer of vervolgd, aan enige misdryf of wangedrag skuldig bevind en daarvoor gevonnisd, staan te word nie.

(e) 'n Werknemer of 'n student is vanaf die datum van die verklaring in subartikel (1) beoog onderhewig aan die tugkodes en -reëls wat op die inrigting vir hoër onderwys van toepassing is, maar indien enige ondersoek na onbekwaamheid of enige verrigtinge ten aansien van 'n klag van wangedrag voor die datum van die verklaring teen enige werknemer of student ingestel of begin is, gaan sodanige ondersoek of verrigtinge voort ingevolge die kodes en reëls wat onmiddellik voor die verklaring op die opvoedkundige inrigting van toepassing was.

[Sub-a. (5) vervang by a. 4 (c) van Wet 63 van 2002.]

(6) Ondanks subartikel (5) (a), kan die ou werkgever voor die datum van die verklaring in subartikel (1) beoog rasionalisering van sy arbeidsmag onderneem volgens operasionele vereistes in ooreenstemming met artikel 189 van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet

66 van 1995).

[Sub-a. (6) ingevoeg by a. 4 (c) van Wet 63 van 2002.]

(7) Indien 'n onderwysinrigting tot inrigting vir hoër onderwys verklaar word soos in subartikel (1) beoog-

- (a) gaan die inrigting vir hoër onderwys voort met alle akademiese programme wat deur die onderwysinrigting aangebied word kragtens die reëls wat onmiddellik voor die datum van die verklaring op die onderwysinrigting van toepassing was, tot tyd en wyl sodanige programme en reëls deur sy raad gewysig of herstruktureer word; en
- (b) ken die inrigting vir hoër onderwys in sy eie naam 'n graad, diploma of sertifikaat toe aan 'n student wat voor of na die datum van die verklaring kwalifiseer, maar indien die student die kursus begin het voor die datum van die verklaring, moet sodanige graad, diploma of sertifikaat ook die naam van die onderwysinrigting soos dit voor die verklaring was, weerspieël.

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 4 (c) van Wet 63 van 2002.]

22 Gevolge van verklaring tot openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Vanaf die datum bepaal ingevolge artikel 21 (2) (a)-

- (a) word die onderwysinrigting geag 'n openbare inrigting vir hoër onderwys te wees kragtens hierdie Wet ingestel, of 'n onderafdeling van die openbare inrigting vir hoër onderwys, na gelang van die geval;
- (b) gaan die bates, laste, regte en verpligtinge van die onderwysinrigting oor op die openbare inrigting vir hoër onderwys; en
- (c) word enige ooreenkoms wettig aangegaan deur of namens die onderwysinrigting, geag aangegaan te wees deur die openbare inrigting vir hoër onderwys.

(2) Onroerende goed wat op die openbare inrigting vir hoër onderwys ingevolge subartikel (1) (b) oorgaan, word, behoudens die instemming van die Minister van Finansies, oorgedra aan die inrigting sonder betaling van oordragkoste, seëlreg of ander geld of koste, maar behoudens enige bestaande reg op, beswaring van of reg of trust op daardie goed.

(3) Die beampte in beheer van 'n akteskantoor of ander kantoor waar die onroerende goed beoog in subartikel (2) geregistreer is, moet by voorlegging van die titelakte en by aansoek van die openbare inrigting vir hoër onderwys die endosserings op daardie titelakte aanbring en die inskrywings in die registers maak wat nodig is om die betrokke oordrag te registreer.

(4) Die verklaring van 'n onderwysinrigting tot 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens artikel 21 (1) raak niks wat voor die verklaring wettig deur die onderwysinrigting

gedoen is nie.

(5) Alle fondse wat onmiddellik voor die datum bepaal ingevolge artikel 21 (2) (a) uit hoofde van 'n trust, skenking of bemaking in die onderwysinrigting gevestig was, moet deur die openbare inrigting vir hoër onderwys ooreenkomstig die trust, skenking of bemaking, na gelang van die geval, aangewend word.

(6) Ondanks subartikel (2) moet enige gelde wat deur die Registrateur van Aktes as gevolg van die oordrag gehef word, ten volle of gedeeltelik betaal word uit fondse deur die Parlement bewillig vir die doel.

23 Samesmelting van openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Behoudens subartikel (2) kan die Minister, na oorleg met die RHO en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys laat saamsmelt in 'n enkele openbare inrigting vir hoër onderwys.

(2) Die Minister moet-

- (a) skriftelike kennis van die voorneme om saam te smelt aan die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys gee;
- (b) 'n kennisgewing met die redes vir die voorgestelde samesmelting publiseer in een of meer dagblaaie wat in die gebied versprei word waarin die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys geleë is;

[Par. (b) vervang by a. 5 (a) van Wet 63 van 2002.]

- (c) die rade van die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys en ander belangstellende persone geleentheid gee om binne minstens 90 dae vanaf die datum van die kennisgewing bedoel in paragraaf (b) vertoë te rig;
- (d) die vertoë oorweeg; en
- (e)

[Par. (e) geskrap by a. 5 (b) van Wet 63 van 2002.]

(2A) Ondanks artikels 197 en 197A van die Wet op Arbeids- betrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995), word die dienskontrakte tussen die openbare inrigting vir hoër onderwys (hierin "die ou werkgewer" genoem) en sy werknemers outomaties oorgeplaas na die saamgesmelte enkele openbare inrigting vir hoër onderwys (hierin "die nuwe werkgewer" genoem) vanaf die datum van die samesmelting in subartikel (1) beoog, maar enige herontplooiing van 'n werknemer as 'n gevolg van die samesmelting is onderhewig aan toepaslike arbeidswetgewing.

[Sub-a. (2A) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2B) Indien twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys saamsmelt tot 'n enkele openbare inrigting vir hoër onderwys soos in subartikel (1) beoog, bly alle regte en verpligtings tussen die ou werkgewers en elke werknemer op die datum van die samesmelting van krag asof dit regte en verpligtings tussen die nuwe werkgewer en elke werknemer was, en enigiets wat voor die samesmelting deur of met betrekking tot die ou werkgewers gedoen is, word geag deur of met betrekking tot die nuwe werkgewer gedoen te wees.

[Sub-a. (2B) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2C) 'n Samesmelting in subartikel (1) bedoel onderbreek nie die werknemer se ononderbroke diens nie.

[Sub-a. (2C) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2D) Die bepalings van subartikels (2A) tot (2F) raak nie die aanspreeklikheid van enige persoon wat vir enige misdryf of wangedrag gedissiplineer of vervolg, aan enige misdryf of wangedrag skuldig bevind en daarvoor gevonnissen, staan te word nie.

[Sub-a. (2D) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2E) 'n Werknemer of 'n student is vanaf die datum van die samesmelting in subartikel (1) beoog onderhewig aan die tugkodes en -reëls wat op die nuwe enkele openbare inrigting vir hoër onderwys van toepassing is, maar indien enige ondersoek na onbekwaamheid of enige verrigtinge ten aansien van 'n klag van wangedrag voor die datum van die samesmelting teen enige werknemer of student ingestel of begin is, gaan sodanige ondersoek of verrigtinge voort ingevolge die kodes en reëls wat onmiddellik voor die samesmelting op die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys van toepassing was.

[Sub-a. (2E) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2F) Tot tyd en wyl die nuwe enkele openbare inrigting vir hoër onderwys tugkodes en -reëls ingestel het, bly die tugkodes en -reëls van die onderskeie ou openbare inrigtings vir hoër onderwys op die onderskeie ou werknemers en studente van toepassing.

[Sub-a. (2F) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2G) Ondanks subartikel (2A), kan die ou werkgewer voor die datum van die samesmelting in subartikel (1) beoog, rasionalisering van sy arbeidsmag onderneem volgens operasionele vereistes in ooreenstemming met artikel 189 van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995).

[Sub-a. (2G) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(2H) Indien twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys tot 'n enkele inrigting vir hoër onderwys saamsmelt soos in subartikel (1) beoog-

- (i) gaan die nuwe enkele inrigting vir hoër onderwys voort met alle akademiese programme wat deur die ou inrigtings vir hoër onderwys aangebied is kragtens

die reëls wat onmiddellik voor die datum van die samesmelting op die onderskeie inrigtings vir hoër onderwys van toepassing was, tot tyd en wyl sulke programme en reëls deur die nuwe raad gewysig of herstruktureer word; en

- (ii) ken die nuwe enkele inrigting vir hoër onderwys in sy eie naam 'n graad, diploma of sertifikaat toe aan 'n student wat voor of na die datum van die samesmelting kwalifiseer, maar sodanige graad, diploma of sertifikaat moet ook die naam weerspieël van die onderwysinrigting waar die student onmiddellik voor die datum van die samesmelting geregistreer was, indien die student sodanig geregistreer was.

[Sub-a. (2H) ingevoeg by a. 5 (c) van Wet 63 van 2002.]

(3) (a) Die enkele openbare inrigting vir hoër onderwys beoog in subartikel (1) word geag 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kragtens artikel 20 ingestel te wees.

(b) Die Minister moet, na oorlegpleging met die rade van die openbare inrigtings vir hoër onderwys wat saamgesmelt staan te word, by kennisgewing in artikel 23 (1) beoog-

- (i) die datum van instelling van die inrigting bepaal;
- (ii) die tipe en naam van die inrigting bepaal; en
- (iii) die fisiese ligging en amptelike adres van die inrigting bepaal.

[Sub-a. (3) vervang by a. 5 (d) van Wet 63 van 2002.]

(4) Artikel 22 (1) (b) tot (6), met die veranderinge vereis deur die konteks, is van toepassing op 'n samesmelting in subartikel (1) bedoel.

(5) Die Minister moet in die kennisgewing in subartikel (1) beoog, 'n tussentydse raad instel vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, om die werksaamhede met betrekking tot die beheer, van die enkele openbare inrigting vir hoër onderwys in subartikel (1) beoog, uitgesonderd die opstelling van 'n institusionele statuut, te verrig.

[Sub-a. (5) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(6) Die Minister kan die tydperk in subartikel (5) bedoel, een keer met 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

[Sub-a. (6) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(7) Die lede van die tussentydse raad in subartikel (5) beoog, word deur die Minister aangestel en bestaan uit-

- (a) die voorsitter; en

(b) 'n minimum van ses lede en 'n maksimum van agt lede.

[Par. (b) vervang by a. 5 (e) van Wet 63 van 2002.]

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(8) Die lede in subartikel (7) (b) beoog-

(a) moet deur die Minister aangestel word uit nominasies ontvang van die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys; en

(b) mag nie enige personeel of student van die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys insluit nie.

[Sub-a. (8) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001 en vervang by a. 5 (f) van Wet 63 van 2002.]

(9) Die tussentydse raad moet drie lede van die tussentydse bestuur in subartikel (10) (a) beoog, koöpteer en dié gekoöpteerde lede het nie stemreg nie.

[Sub-a. (9) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(10) Afgesien van die werksaamhede beoog in subartikel (5), moet die tussentydse raad in besonder-

(a) 'n tussentydse liggaam aanstel om die daaglikse bedrywighede van die inrigting te bestuur;

(b) toesien dat 'n raad ingevolge die standaard institusionele statuut in artikel 33 (3) beoog, saamgestel word, en

(c) toesien dat die ander strukture wat bepaal word in die standaard institusionele statuut in artikel 33 (3) beoog, saamgestel word.

[Sub-a. (10) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(11) Enige besluit van die tussentydse raad wat die reg van enige struktuur van die openbare inrigting vir hoër onderwys raak, kan slegs geneem word na oorleg met sodanige struktuur.

[Sub-a. (11) bygevoeg by a. 6 van Wet 23 van 2001.]

(12) Op skriftelike versoek deur die Minister en binne 60 dae daarna moet elkeen van die openbare inrigtings vir hoër onderwys in subartikel (1) bedoel, die Minister voorsien van minstens vier nominasies vir aanstelling van die lede soos in subartikel (8) (a) beoog.

[Sub-a. (12) bygevoeg by a. 5 (g) van Wet 63 van 2002.]

(13) Ondanks subartikel (8), indien enige van die openbare inrigtings vir hoër onderwys

versuim om die nominasies in subartikel (12) beoog te voorsien, kan die Minister die lede in subartikel (7) (b) bedoel uit die nominasies wat van die ander betrokke inrigting ontvang is, of na sy of haar goeddunke aanstel..

[Sub-a. (13) bygevoeg by a. 5 (g) van Wet 63 van 2002.]

24 Inkorporering van onderafdelings van openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Die Minister kan, na oorleg met die RHO en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n onderafdeling van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys by 'n ander openbare inrigting vir hoër onderwys inkorporeer.

(2) Die bates, laste, regte en verpligtinge van die betrokke onderafdeling gaan oor op die openbare inrigting vir hoër onderwys waarby die onderafdeling geïnkorporeer is op 'n wyse ooreengekom deur die rade van die betrokke openbare inrigtings vir hoër onderwys, of andersins, op 'n wyse bepaal deur die Minister na oorleg met die rade.

(3) Artikels 22 (2) tot (6) en 23 (2) tot (2H), met die veranderinge vereis deur die konteks, is van toepassing op 'n inlywing in subartikel (1) bedoel.

[Sub-a. (3) vervang by a. 2 van Wet 38 van 2003.]

[A. 24 vervang by a. 6 van Wet 63 van 2002.]

25 Sluiting van openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Die Minister kan, na oorleg met die RHO en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n openbare inrigting vir hoër onderwys sluit.

(2) Indien 'n openbare inrigting vir hoër onderwys gesluit word kragtens subartikel (1) moet die Minister ooreenkomstig die reg met alle bates en laste van die openbare inrigting vir hoër onderwys na sluiting handel, en enige bates wat oorbly na die betaling van alle laste berus by die Minister.

(3) Artikels 22 (2) tot (6) en 23 (2), met die veranderinge vereis deur die konteks, is van toepassing op 'n sluiting in subartikel (1) bedoel.

HOOFSTUK 4

BEHEER VAN OPENBARE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS (aa 26-38I)

26 Institusionele beheerstrukture

(1) Elke openbare inrigting vir hoër onderwys kan 'n kanselier aanstel as sy titulêre hoof.

(2) Elke openbare inrigting vir hoër onderwys moet die volgende strukture en ampte instel:

(a) 'n Raad;

- (b) 'n senaat;
- (c) 'n hoof;
- (d) 'n adjunkhoof;
- (e) 'n verteenwoordigende studenteraad;
- (f) 'n institusionele forum; en
- (g) die ander strukture en ampte wat by die institusionele statuut bepaal word.

(3) Behoudens subartikel (4) verkies 'n struktuur bedoel in subartikel (2) (a), (b), (e), (f) en (g) 'n voorsitter, ondervoorsitter en ander ampsdraers uit eie geledere op die wyse by die institusionele statuut bepaal.

[Sub-a. (3) vervang by a. 3 (a) van Wet 55 van 1999 en by a. 7 van Wet 23 van 2001.]

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (3)-

- (a) is die hoof die voorsitter van die senaat;
- (b) is die registrateur van die openbare inrigting vir hoër onderwys deur die raad aangestel, die sekretaris van die raad; en
- (c) mag die voorsitter en die ondervoorsitter van die raad nie uit die lede beoog in artikel 27 (4) (a), (b), (d), (e), (f) en (g) verkies word nie.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 3 (b) van Wet 55 van 1999.]

27 Raad van openbare inrigting vir hoër onderwys

(1) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys beheer die openbare inrigting vir hoër onderwys behoudens hierdie Wet en die institusionele statuut.

[Sub-a. (1) vervang by a. 8 (a) van Wet 23 van 2001.]

(2) Behoudens die beleid deur die Minister vasgestel, moet die raad, met die instemming van die senaat, die taalbeleid van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys bepaal, publiseer en op versoek beskikbaar stel.

(3) Die raad, na oorleg met die verteenwoordigende studenteraad, moet 'n gepaste struktuur daarstel om advies te verskaf oor die beleid ten opsigte van studente-ondersteuningsdienste binne die openbare inrigting vir hoër onderwys.

(4) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys bestaan uit hoogstens 30 lede, saamgestel uit-

- (a) die hoof;

- (b) die adjunkhoof of adjunkhoofde;
- (c) hoogstens vyf persone deur die Minister aangestel;
- (d) 'n lid of lede van die senaat verkies deur die senaat;
- (e) 'n akademiese werknemer of akademiese werknemers van die inrigting vir hoër onderwys, verkies deur daardie werknemers;
- (f) 'n student of studente van die openbare inrigting vir hoër onderwys, verkies deur die verteenwoordigende studenteraad;
- (g) 'n ander werknemer of werknemers as akademiese werknemers, verkies deur daardie werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys; en
- (h) die bykomende persone wat by die institusionele statuut bepaal kan word.

[Sub-a. (4) vervang by a. 7 van Wet 63 van 2002.]

(5) Die getal persone beoog in subartikel (4) (b), (d), (e), (f), (g) en (h) en die wyse waarop hulle verkies word, waar van toepassing, word by die institusionele statuut bepaal.

[Sub-a. (5) vervang by a. 7 van Wet 63 van 2002.]

(6) Minstens 60 persent van die lede van 'n raad moet persone wees wat nie in diens is van, of studente is aan, die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys nie.

(7) Die lede van 'n raad-

- (a) moet persone wees met kennis en ervaring wat betrekking het op die oogmerke en beheer van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys; en
- (b) moet in die beste belang van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys aan die beraadslaginge van die raad deelneem.

(8) Indien 75 persent of meer van die lede van die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys tydens 'n vergadering van die raad bedank, word dit geag dat die raad bedank het.

[Sub-a. (8) bygevoeg by a. 8 (b) van Wet 23 van 2001.]

(9) Indien 'n raad bedank soos in subartikel (8) beoog, moet 'n nuwe raad ingevolge die institusionele statuut van die openbare inrigting vir hoër onderwys saamgestel word.

[Sub-a. (9) bygevoeg by a. 8 (b) van Wet 23 van 2001.]

28 Senaat van openbare inrigting vir hoër onderwys

(1) Die senaat van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys is verantwoordbaar teenoor die raad vir die akademiese en navorsingswerkzaamhede van die openbare inrigting vir hoër

onderwys en verrig die ander werksaamhede wat die raad aan hom delegeer of toewys.

(2) Die senaat van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys bestaan uit-

- (a) die hoof;
- (b) die adjunkhoof of adjunkhoofde;
- (c) akademiese werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys;
- (d) ander werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys as akademiese werknemers;
- (e) lede van die raad;
- (f) lede van die verteenwoordigende studenteraad; en
- (g) die bykomende persone wat by die institusionele statuut bepaal word.

(3) Die getal persone beoog in subartikel (2) (b), (c), (d), (e), (f) en (g) en die wyse waarop hulle aangestel of verkies word, na gelang van die geval, word by die institusionele statuut bepaal.

[Sub-a. (3) vervang by a. 9 van Wet 23 van 2001.]

(4) Die meerderheid van die lede van 'n senaat moet akademiese werknemers van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys wees.

29 Komitees van raad en senaat

(1) Die raad en die senaat van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kan elk komitees instel om enige van hulle werksaamhede te verrig en kan persone wat nie lede van die raad of die senaat is nie, na gelang van die geval, as lede van die komitees aanstel.

(2) Die raad en die senaat is nie ontdoen van die verantwoordelikheid om enige werksaamheid te verrig wat aan 'n komitee kragtens hierdie artikel gedelegeer of toegewys is nie.

(3) Die raad en die senaat van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kan komitees gesamentlik benoem, bekend as gesamentlike komitees, om werksaamhede te verrig wat gemeenskaplik aan die raad en die senaat is.

(4) Die samestelling, wyse van verkiesing, werksaamhede, prosedure op vergaderings en ontbinding van 'n komitee en 'n gesamentlike komitee word by die institusionele statuut of institusionele reëls bepaal.

[Sub-a. (4) vervang by a. 10 van Wet 23 van 2001.]

30 Hoof van openbare inrigting vir hoër onderwys

Die hoof van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys is vir die bestuur en administrasie van die openbare inrigting vir hoër onderwys verantwoordelik.

31 Institusionele forum

(1) Die institusionele forum van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet-

- (a) die raad oor aangeleenthede rakende die openbare inrigting vir hoër onderwys adviseer, met inbegrip van-
 - (i) die implementering van hierdie Wet en die nasionale beleid op hoër onderwys;
 - (ii) beleid oor ras- en geslagsregverdigheid;
 - (iii) die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies;
 - (iv) gedragskodes, mediasie en prosedures vir dispuutoplossing; en
 - (v) die aanmoediging van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, navorsing en studie skep; en
- (b) die werksaamhede verrig wat die raad bepaal.

(2) Die institusionele forum van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys bestaan uit 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers van-

- (a) die bestuur, soos by die institusionele statuut bepaal;
[Par. (a) vervang by a. 11 (a) van Wet 23 van 2001.]
- (b) die raad;
- (c) die senaat;
- (d) die akademiese werknemers;
- (e) die ander werknemers as akademiese werknemers;
- (f) die studente; en
- (g) enige ander kategorie wat by die institusionele statuut bepaal word.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 8 van Wet 63 van 2002.]

(3) Die getal persone beoog in subartikel (2) en die wyse waarop hulle aangestel of verkies word, na gelang van die geval, word by die institusionele statuut bepaal.

[Sub-a. (3) vervang by a. 11 (b) van Wet 23 van 2001.]

32 Institusionele statute en institusionele reëls

(1) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kan-

- (a) behoudens artikel 33 'n institusionele statuut uitvaardig om uitvoering te gee aan enige aangeleentheid wat nie uitdruklik by hierdie Wet voorgeskryf word nie; en

[Par. (a) vervang by a. 12 van Wet 23 van 2001.]

- (b) institusionele reëls uitvaardig om uitvoering aan die institusionele statuut te gee.

(2) 'n Institusionele statuut of institusionele reëls met betrekking tot-

- (a) die samestelling van die senaat mag nie gewysig of herroep word nie behalwe na oorleg met daardie senaat;
- (b) die akademiese werksaamhede van die openbare inrigting vir hoër onderwys, met inbegrip van die studies, onderrig en eksaminering van die studente en navorsing, mag nie uitgevaardig, gewysig of herroep word nie behalwe met die instemming van die senaat van die inrigting;
- (c) die samestelling van die verteenwoordigende studenteraad mag nie gewysig of herroep word nie behalwe na oorleg met daardie verteenwoordigende studenteraad; en
- (d) die tugmaatreëls en dissiplinêre prosedures rakende studente mag nie uitgevaardig word nie behalwe na oorleg met die senaat en die verteenwoordigende studenteraad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys.

33 Minister moet institusionele statute goedkeur of uitvaardig

(1) 'n Institusionele statuut moet aan die Minister vir goedkeuring voorgelê word, en indien aldus goedgekeur, moet dit by kennisgewing in die *Staatskoerant* afgekondig word, en tree dit op die datum vermeld in die kennisgewing in werking.

(2) Die Minister moet 'n institusionele statuut kragtens artikel 32 uitgevaardig so gou doenlik na publisering daarvan soos beoog in subartikel (1) in die Parlement ter tafel lê.

(3) Die Minister moet 'n standaard institusionele statuut uitvaardig wat op elke openbare inrigting vir hoër onderwys wat nie 'n institusionele statuut uitgevaardig het nie, van toepassing is totdat die raad van so 'n openbare inrigting vir hoër onderwys sy eie institusionele statuut kragtens artikel 32 uitgevaardig het.

34 Aanstelling en diensvoorwaardes van werknemers van openbare inrigtings vir

hoër onderwys

(1) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys stel die werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys aan.

(2) Ondanks subartikel (1) moet die akademiese werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys deur die raad na oorleg met die senaat aangestel word.

(3) Die raad bepaal die diensvoorwaardes, tugbepalings, voorregte en werksaamhede van die werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys behoudens die toepaslike arbeidswetgewing.

35 Verteenwoordigende studenteraad

Die instelling en samestelling, wyse van verkiesing, ampstermyn, werksaamhede en voorregte van die verteenwoordigende studenteraad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys word by die institusionele statuut en die institusionele reëls bepaal.

[A. 35 vervang by a. 13 van Wet 23 van 2001.]

36 Tugmaatreëls

Elke student aan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys is onderworpe aan die tugmaatreëls en dissiplinêre prosedures wat by die institusionele statuut of die institusionele reëls bepaal word.

[A. 36 vervang by a. 14 van Wet 23 van 2001.]

37 Toelating tot openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Behoudens hierdie Wet bepaal die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys, na oorleg met die senaat van die openbare inrigting vir hoër onderwys, die toelatingsbeleid van die openbare inrigting vir hoër onderwys.

(2) Die raad moet die toelatingsbeleid publiseer en op aanvraag beskikbaar stel.

(3) Die toelatingsbeleid van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet voorsiening maak vir geskikte maatreëls vir die regstel van ongelykhede van die verlede en mag nie op enige wyse onbillik diskrimineer nie.

(4) Behoudens hierdie Wet kan die raad, met die goedkeuring van die senaat-

- (a) toelatingsvereistes ten opsigte van bepaalde programme vir hoër onderwys bepaal;
- (b) die getal studente bepaal wat tot 'n bepaalde program vir hoër onderwys toegelaat kan word en die wyse van hulle keuring;
- (c) die minimum vereistes vir hertoelating tot studie aan die betrokke openbare

inrigting vir hoër onderwys bepaal; en

- (d) hertoelating van 'n student weier wat nie aan die minimum vereistes vir hertoelating voldoen nie.

38 Samewerking tussen openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Openbare inrigtings vir hoër onderwys kan op enige wyse met mekaar saamwerk om die optimale benutting van hulpbronne en verrigting van hulle werksaamhede te verkry.

(2) Openbare inrigtings vir hoër onderwys kan streek- en nasionale strukture instel om die samewerking beoog in subartikel (1) te ondersteun en aan te help.

(3) Die Minister kan finansiële aansporings voorsien aan sulke strukture en aan openbare inrigtings vir hoër onderwys wat deel is van sulke strukture om die oogmerke van die samewerking te bereik.

38A Instelling van nasionale instituut vir hoër onderwys

(1) Die Minister kan 'n nasionale instituut vir hoër onderwys as 'n regspersoon in Mpumalanga en in die Noord-Kaap instel.

(2) 'n Nasionale instituut vir hoër onderwys word deur 'n raad bestuur, beheer en geadministreer.

[A. 38A ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38B Werksaamhede van nasionale instituut vir hoër onderwys

Die werksaamhede van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys is om-

- (a) die voorsiening van hoër onderwys in die streek te koördineer;
- (b) die samehangende voorsiening van hoër onderwys te verseker deur middel van programsamewerking tussen openbare hoërondewysinstellings wat in die betrokke provinsie bedrywig is;
- (c) die Minister van raad te dien oor aangeleenthede wat verband hou met die koördinering van die voorsiening van hoër onderwys in die betrokke streek; en
- (d) enige ander plig te verrig wat voorgeskryf word.

[A. 38B ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38C Samestelling van raad

(1) Die raad van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys bestaan uit-

- (a) 'n voorsitter; en

(b) hoogstens 10 gewone lede.

(2) Die raad kan lede in die raad koöpteer vir 'n tydperk wat deur die raad bepaal word.

(3) Die voorsitter en lede beoog in subartikel (1) word deur die Minister aangestel uit nominasies ontvang op die wyse wat vir daardie nasionale instituut vir hoër onderwys voorgeskryf is.

[A. 38C ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38D Ampstermyn van voorsitter en lede

Die voorsitter en 'n aangestelde lid van die raad beklee hulle amp vir 'n hernieubare tydperk van vier jaar.

[A. 38D ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38E Ontruiming van amp

'n Persoon hou op om 'n lid van die raad te wees indien hy of sy-

- (a) bedank deur aan die voorsitter of, in die geval van die voorsitter, aan die Minister, skriftelike kennis te gee;
- (b) van drie agtereenvolgende vergaderings van die raad afwesig is sonder die verlof van die voorsitter;
- (c) bankrot verklaar word, deur 'n geregshof uit 'n vertrouensposisie verwyder word of skuldig bevind word aan 'n misdryf wat oneerlikheid behels of 'n misdryf waarvoor die vonnis tronkstraf sonder die keuse van 'n boete is; of
- (d) deur 'n geregshof onbevoeg verklaar word om sy of haar persoonlike sake te behartig.

[A. 38E ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38F Vul van vakatures

(1) Indien 'n vakature in die amp ontstaan, moet sodanige vakature ingevolge artikel 38C (3) deur die Minister gevul word.

(2) Enige persoon aangestel om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die termyn van die lid wat die amp ontruim het.

[A. 38F ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38G Fondse van nasionale instituut vir hoër onderwys

(1) Die fondse van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys bestaan uit-

- (a) geld deur die Parlement bewillig;
- (b) skenkings of bydraes;
- (c) rente; en
- (d) enige ander inkomste ontvang.

(2) Die raad-

- (a) moet boekhou van alle-
 - (i) fondse ontvang en bestee;
 - (ii) bates en laste; en
 - (iii) finansiële transaksies;
- (b) moet gedurende elke boekjaar, op die tyd en wyse wat die Minister bepaal, 'n staat van sy verwagte inkomste en uitgawes vir die volgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, wat verleen word met die instemming van die Minister van Finansies;
- (c) kan in enige boekjaar 'n aangepaste staat van sy verwagte inkomste en uitgawes aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, wat verleen word met die instemming van die Minister van Finansies; en
- (d) mag nie enige uitgawes aangaan wat die totale bedrag wat ingevolge paragrawe (b) en (c) goedgekeur is, oorskry nie.

(3) Indien die Minister nie die raad se staat van sy verwagte inkomste en uitgawes of aangepaste staat van verwagte inkomste en uitgawes goedkeur nie, moet die raad binne 'n vasgestelde tydperk 'n hersiene staat aan hom of haar voorlê.

(4) (a) Die geld in subartikel (1) beoog moet aangewend word ooreenkomstig die goedgekeurde staat in subartikel (2) bedoel.

(b) Enige balans wat nie binne die vermelde boekjaar bestee word nie, moet as 'n krediet oorgedra word na die volgende boekjaar.

(5) Behoudens subartikel (4) kan die raad enige gedeelte van sy fondse belê op die wyse wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, goedkeur.

[A. 38G ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38H Jaarlikse oudit

Die boekhouding en die finansiële state van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys moet aan die einde van elke boekjaar deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

[A. 38H ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

38I Jaarverslag

Die raad moet binne drie maande na die einde van elke boekjaar 'n verslag wat 'n finansiële staat insluit aan die Minister voorlê oor die verrigting van sy werksaamhede gedurende die voorafgaande boekjaar.

[A. 38I ingevoeg by a. 3 van Wet 38 van 2003.]

HOOFSTUK 5 BEFONDSING VAN OPENBARE HOËR ONDERWYS (aa 39-42)

39 Toewysing van fondse deur Minister

(1) Die Minister moet, na oorleg met die RHO en met die instemming van die Minister van Finansies, die beleid ten opsigte van die befondsing van openbare hoër onderwys bepaal, wat gepaste maatreëls moet insluit vir die herstel van ongelykhede van die verlede, en die beleid by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

(2) Die Minister moet, behoudens die beleid ingevolge subartikel (1) bepaal, openbare geld op 'n billike en deursigtige grondslag aan openbare hoër onderwys toewys.

(3) Die Minister kan, behoudens die beleid ingevolge subartikel (1) bepaal-

- (a) enige redelike voorwaarde stel ten opsigte van 'n toewysing in subartikel (2) beoog; en
- (b) verskillende voorwaardes stel ten opsigte van verskillende openbare inrigtings vir hoër onderwys, verskillende onderrigprogramme of verskillende toewysings, indien daar 'n redelike grondslag vir die onderskeid bestaan.

(4) Die beleid in subartikel (1) bedoel kan op 'n regverdige wyse diskrimineer tussen studente wat nie burgers of permanente inwoners van die Republiek is nie en studente wat burgers of permanente inwoners van die Republiek is.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 4 van Wet 55 van 1999.]

40 Fondse van openbare inrigtings vir hoër onderwys

(1) Die fondse van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys bestaan uit-

- (a) fondse ingevolge artikel 39 deur die Minister toegewys;
- (b) enige skenkings of bydraes ontvang deur die inrigting;
- (c) geld ingesamel deur die inrigting;
- (d) geld ingesamel deur middel van lenings en oortrekkings;

[Par. (d) vervang by a. 4 (a) van Wet 54 van 2000.]

- (e) inkomste verkry uit beleggings;
- (f) geld ontvang vir dienste gelewer aan enige ander inrigting of persoon;
- (g) geld betaalbaar deur studente vir programme vir hoër onderwys aangebied deur die inrigting, maar die raad kan op 'n regverdige wyse diskrimineer tussen studente wat nie burgers of permanente inwoners van die Republiek is nie en studente wat burgers of permanente inwoners van die Republiek is wanneer die bedrag betaalbaar bepaal word;

[Par. (g) vervang by a. 5 van Wet 55 van 1999.]

- (h) geld ontvang van studente of werknemers van die inrigting vir huisvesting voorsien of ander dienste gelewer deur die inrigting; en
- (i) ander inkomste van watter bron ook al.

(2) (a) Behoudens paragraaf (b) kan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys slegs by besluit van sy raad, sonder inagneming van enige vakature wat daar mag wees, 'n lenings- of oortrekkingsooreenkoms aangaan.

- (b) 'n Besluit beoog in paragraaf (a) moet deur die Minister goedgekeur word indien die bedrag van die lening wat dit magtig plus die lening wat vantevore goedgekeur is maar nog nie opgeneem is nie, plus die inrigting se korttermyn- en langtermynskuld op daardie datum-
 - (i) die bedrag oorskry wat die Minister vir sodanige inrigting bepaal het; of
 - (ii) in die afwesigheid van so 'n bepaling, vyf persent van die gemiddelde jaarlikse inkomste van daardie openbare inrigting vir hoër onderwys gedurende die twee jaar wat sodanige ooreenkoms onmiddellik voorafgaan, oorskry.

[Par. (b) vervang by a. 9 van Wet 63 van 2002.]

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 54 van 2000.]

(3) (a) Behoudens paragraaf (b) kan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys slegs by besluit van sy raad, sonder inagneming van enige vakature wat daar mag wees-

- (i) die oprig van 'n permanente gebou of ander onroerende infrastrukturele ontwikkeling onderneem;
- (ii) die aankoop van onroerende eiendom onderneem; of
- (iii) 'n langtermynhuur van onroerende eiendom onderneem.

(b) 'n Handeling beoog paragraaf (a) moet deur die Minister goedgekeur word indien die waarde van sodanige ontwikkeling of eiendom vyf persent te bowe gaan van die gemiddelde inkomste van daardie openbare inrigting vir hoër onderwys wat gedurende die twee jaar wat sodanige handeling onmiddellik voorafgaan, ontvang is.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 54 van 2000.]

41 Raad moet rekords hou en inligting verstrek

(1) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet op die wyse deur die Minister voorgeskryf-

- (a) rekords hou van al sy verrigtinge; en
- (b) volledige verrekeningsrekords hou van alle bates, laste, inkomste en uitgawes en enige ander finansiële transaksies van die openbare inrigting vir hoër onderwys as 'n geheel, van sy substrukture en van ander liggame wat onder beskerming van die inrigting funksioneer.

(2) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet, ten opsigte van die vorige jaar en teen die datum of datums en op die wyse deur die Minister voorgeskryf, die Minister voorsien van die inligting, in die formaat, wat die Minister voorskryf.

[Sub-a. (3) vervang by a. 5 van Wet 54 van 2000.]

[A. 41 vervang by a. 10 van Wet 63 van 2002.]

41A Aanstelling van administrateur

(1) Indien 'n oudit van die finansiële rekords van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of 'n ondersoek deur 'n onafhanklike assessor soos in artikel 47 beoog, finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard by 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of die ernstige ondermyning van die effektiewe funksionering van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys aan die lig bring, kan die Minister, na oorleg met die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys, indien doenlik, en ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, 'n persoon as administrateur aanstel om die gesag van die raad of die bestuur van die inrigting oor te neem en om vir 'n tydperk deur die Minister bepaal die werksaamhede ten aansien van beheer of bestuur namens die inrigting te verrig, en sodanige tydperk mag nie twee jaar oorskry nie.

[Sub-a. (1) vervang by a. 15 van Wet 23 van 2001.]

(2) Die Minister kan die tydperk in subartikel (1) bedoel een maal vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(3) Ondanks subartikel (1), indien dit geag word dat 'n raad bedank het soos beoog in artikel 27 (8), moet die Minister vir 'n tydperk van hoogstens ses maande 'n persoon aanstel as

'n administrateur namens die inrigting om-

- (a) die bevoegdheid van die raad oor te neem;
- (b) die werksaamhede van die raad ten aansien van beheer te verrig; en
- (c) toe te sien dat 'n nuwe raad gekonstitueer word.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 11 van Wet 63 van 2002.]

[A. 41A ingevoeg by a. 6 van Wet 55 van 1999.]

42 Stappe by versuim van raad om aan hierdie Wet of sekere voorwaardes te voldoen

(1) Indien die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys versuim om te voldoen aan enige bepaling van hierdie Wet waarkragtens 'n toewysing van geld bewillig deur die Parlement aan die inrigting betaal word of aan enige voorwaarde waaraan die betaling van die toewysing aan daardie inrigting onderworpe is, kan die Minister van die raad vereis om binne 'n bepaalde tydperk aan die bepaling of voorwaarde te voldoen.

(2) Indien die raad daarna versuim om aan die bepaling of voorwaarde te voldoen, kan die Minister betaling terughou van enige gepaste gedeelte van die toewysing bewillig deur die Parlement ten opsigte van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys.

(3) Voordat kragtens subartikel (2) opgetree word, moet die Minister-

- (a) aan die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kennis gee van die voorneme om aldus op te tree;
- (b) die raad redelike geleentheid gee om verhoër te rig; en
- (c) die verhoër oorweeg.

(4) Indien die Minister kragtens subartikel (2) optree, moet 'n verslag rakende die optrede sou gou redelikerwys doenlik na die optrede in die Parlement deur die Minister ter tafel gelê word.

HOOFSTUK 6 ONAFHANKLIKE ASSESSOR (aa 43-49)

43 Aanstelling van onafhanklike evalueringspaneel

(1) Die RHO moet 'n onafhanklike evalueringspaneel aanstel wat bestaan uit minstens drie geskikte persone wat-

- (a) kennis en ervaring van hoër onderwys het;
- (b) nie lede van die RHO is nie; en

(c) aan enige ander vereistes voldoen wat deur die RHO bepaal word.

(2) 'n Lid van die paneel beoog in subartikel (1) word aangestel vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, en mag heraangestel word.

44 Aanstelling van onafhanklike assessor

(1) Die Minister kan uit die onafhanklike evalueringspaneel beoog in artikel 43 'n assessor aanstel wat onafhanklik is met betrekking tot die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys om 'n ondersoek aan die openbare inrigting vir hoër onderwys te doen-

(a) in die gevalle bedoel in artikel 45; en

(b) na oorleg met die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys, indien moontlik.

(2) Die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys en enige persoon wat geraak word deur die ondersoek moet die onafhanklike assessor in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge artikel 47 bystaan en met hom of haar saamwerk.

45 Gevalle waar onafhanklike assessor aangestel kan word

'n Onafhanklike assessor kan kragtens artikel 44 aangestel word indien-

(a) die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys die aanstelling versoek; of

(b) omstandighede by 'n openbare inrigting vir hoër onderwys ontstaan wat-

(i) finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard behels; of

(ii) die doeltreffende werking van die openbare inrigting vir hoër onderwys ernstig ondermyn; of

(c) die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys versuim het om die omstandighede reg te stel; en

(d) die aanstelling in die beste belang van hoër onderwys in 'n oop en demokratiese samelewing is.

46 Onafhanklike assessor kan vir twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys aangestel word

Die Minister kan 'n onafhanklike assessor kragtens artikel 44 aanstel om 'n ondersoek aan twee of meer openbare inrigtings vir hoër onderwys te doen.

47 Werksaamhede van onafhanklike assessor

(1) 'n Onafhanklike assessor kragtens artikel 44 aangestel, moet binne 30 dae en volgens

die opdrag uiteengesit deur die Minister-

- (a) ondersoek instel by die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys;
- (b) skriftelik aan die Minister verslag doen oor die bevindings van sy of haar ondersoek; en
- (c) gepaste maatreëls voorstel.

(2) Die Minister moet so gou doenlik 'n afskrif van die verslag bedoel in subartikel (1) aan die betrokke raad voorsien en die verslag in die *Staatskoerant* publiseer.

48 Bystand aan onafhanklike assessor

'n Onafhanklike assessor aangestel kragtens artikel 44 kan met die instemming van die Minister enige ander persoon met geskikte kennis en ervaring aanstel om hom of haar in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan.

49 Besoldiging en toelaes

Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, die besoldiging en toelaes betaalbaar aan 'n onafhanklike assessor en enige ander persoon kragtens artikel 48 aangestel, bepaal.

HOOFSTUK 7 PRIVATE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS (aa 50-64)

50 Aanwysing van registrator

(1) Die Direkteur-generaal is die registrator van private inrigtings vir hoër onderwys.

[Sub-a. (1) vervang by a. 7 van Wet 55 van 1999.]

(2) Die Minister kan enige ander werknemer van die Departement van Onderwys aanwys om die registrator in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet by te staan.

[Sub-a. (2) vervang by a. 7 van Wet 55 van 1999.]

(3) Die registrator kan enige van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet aan 'n werknemer beoog in subartikel (2) delegeer.

51 Registrasie van private inrigtings vir hoër onderwys

(1) Geen persoon, behalwe 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of 'n staatsorgaan, mag hoër onderwys aanbied nie tensy daardie persoon-

- (a) op die voorgeskrewe wyse geregistreer of voorwaardelik geregistreer is as 'n private inrigting vir hoër onderwys ingevolge hierdie Wet; en

- (b) as 'n regs persoon ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), geregistreer of erken is voordat sodanige persoon geregistreer of voorwaardelik geregistreer word ooreenkomstig paragraaf (a).

(2) Indien die persoon in subartikel (1) beoog 'n buitelandse regs persoon is, moet daardie persoon toesien dat enige kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie wat binne die Republiek aangebied word, geregistreer is op die sub-raamwerk vir hoër onderwys op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog in artikel 7 (b) geles met artikel 13 (1) (h) van die "National Qualifications Framework Act".

[A. 51 vervang by a. 6 van Wet 54 van 2000 en by a. 2 van Wet 26 van 2010.]

52 Aansoek om registrasie

'n Aansoek om registrasie as 'n private inrigting vir hoër onderwys moet aan die registrateur gerig word op die wyse bepaal deur die registrateur en moet vergesel wees van die voorgeskrewe geld.

53 Vereistes vir registrasie

(1) Die registrateur kan 'n applikant as 'n private inrigting vir hoër onderwys registreer indien die registrateur rede het om te glo dat die applikant-

- (a) finansieel daartoe in staat is om sy verpligtinge teenoor voornemende studente na te kom;
- (b) ten opsigte van enige van sy programme vir hoër onderwys-
- (i) aanvaarbare standarde wat nie minderwaardig teenoor standarde by soortgelyke openbare inrigtings vir hoër onderwys is nie, sal handhaaf;
- (ii) aan die vereistes van die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys sal voldoen; en

[Sub-par. (ii) vervang by a. 6 van Wet 39 van 2008.]

- (iii)

[Sub-par. (iii) vervang by a. 8 van Wet 55 van 1999 en geskrap by a. 7 (b) van Wet 54 van 2000.]

- (c) voldoen aan enige ander redelike vereiste deur die Minister voorgeskryf.

[Par. (c) bygevoeg by a. 7 (c) van Wet 54 van 2000 en vervang by a. 16 van Wet 23 van 2001.]

[Sub-a. (1) gewysig by a. 7 (a) van Wet 54 van 2000.]

(2) Die registrateur kan verdere inligting, besonderhede en dokumente ter ondersteuning

van 'n aansoek om registrasie vereis.

54 Besluit oor aansoek om registrasie

(1) Die registrateur-

- (a) moet enige aansoek om registrasie as 'n private inrigting vir hoër onderwys en enige verdere inligting, besonderhede of dokumente wat deur die applikant voorsien is, oorweeg;
- (b) kan, wanneer die aansoek oorweeg word, onderskei tussen 'n buitelandse regspersoon en 'n plaaslike regspersoon met betrekking tot aangeleenthede soos sy bestek en omvang van werksaamhede, sy grootte en sy institusionele vorm; en
- (c) kan die applikant as 'n private inrigting vir hoër onderwys registreer indien daar aan die vereistes vir registrasie soos beoog in artikel 53 voldoen is.

[Sub-a. (1) vervang by a. 8 (a) van Wet 54 van 2000.]

(2) Indien die registrateur besluit-

- (a) om die aansoek toe te staan, moet die registrateur-
 - (i) die applikant se naam in die toepaslike register van private inrigtings vir hoër onderwys inskryf;
 - (ii) 'n registrasiesertifikaat uitreik wat die voorwaardes van die registrasie meld;
 - (iii) die sertifikaat aan die applikant besorg; en
 - (iv) so gou doenlik na die besluit die registrasiesertifikaat in die *Staatskoerant* publiseer; of
- (b) om nie die aansoek toe te staan nie, moet die registrateur die applikant skriftelik van die besluit verwittig en die applikant van skriftelike redes vir sy of haar besluit voorsien.

(3) Ondanks subartikel (1) kan die registrateur 'n applikant wat nie aan die vereistes vir registrasie beoog in artikel 53 voldoen nie, anders as 'n buitelandse regspersoon, voorlopig registreer indien die registrateur van oordeel is dat die applikant binne 'n redelike tydperk aan die toepaslike vereistes sal voldoen.

[Sub-a. (3) vervang by a. 8 (b) van Wet 54 van 2000 en by a. 17 (a) van Wet 23 van 2001.]

(4) Indien die registrateur 'n applikant voorlopig registreer kragtens subartikel (3) moet die registrateur-

- (a) die tydperk bepaal waarbinne die applikant aan die vereistes vir registrasie moet voldoen;
- (b) die applikant se naam in die toepaslike register van private inrigtings vir hoër onderwys inskryf;
- (c) 'n sertifikaat van voorlopige registrasie uitreik wat die voorwaardes en duur van die registrasie meld;
- (d) die sertifikaat van voorlopige registrasie aan die applikant besorg; en
- (e) so gou doenlik na die besluit die sertifikaat van voorlopige registrasie in die *Staatskoerant* publiseer.

[Sub-a. (4) vervang by a. 17 (a) van Wet 23 van 2001.]

(5) Die registrateur kan by aanvoering van gegronde redes die tydperk bedoel in subartikel (4) (a) verleng.

(6) Indien die applikant, by afloop van die tydperk bedoel in subartikel (4) (a) of enige verlenging daarvan-

- (a) voldoen aan die vereistes vir registrasie deur die registrateur uiteengesit, moet die registrateur die applikant ooreenkomstig subartikel (2) (a) registreer; of
- (b) nie voldoen aan die vereistes vir registrasie deur die registrateur uiteengesit nie, verval die voorlopige registrasie van die applikant.

[Par. (b) vervang by a. 17 (b) van Wet 23 van 2001.]

(7) Geen onafhanklike skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), of ander private onderwysinrigting mag homself 'n universiteit of technikon noem nie of 'n professoraat of 'n eregraad toeken of die titels van rektor, visekanselier of kanselier gebruik nie, tensy dit ingevolge Hoofstuk 7 as 'n private inrigting vir hoër onderwys geregistreer is en die woord "universiteit" of "teknikon" in sy naam voorkom.

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 8 (c) van Wet 54 van 2000.]

55 Registrasiesertifikaat

(1) 'n Private inrigting vir hoër onderwys moet-

- (a) sy sertifikaat van registrasie of voorlopige registrasie of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan opvallend op sy perseel vertoon; en
- (b) sy registrasienommer en 'n aanduiding dat hy geregistreer of voorlopig geregistreer is, opvallend op al sy amptelike dokumente vertoon.

(2) Indien die registrateur die registrasie of voorlopige registrasie van 'n private inrigting

vir hoër onderwys kragtens artikel 62 kanselleer, moet die private inrigting vir hoër onderwys die oorspronklike registrasiesertifikaat of sertifikaat van voorlopige registrasie binne 14 dae aan die registrateur terugbesorg.

[A. 55 vervang by a. 18 van Wet 23 van 2001.]

56 Toegang tot inligting

(1) Enige persoon mag insae hê in-

- (a) die register van private inrigtings vir hoër onderwys; en
- (b) die ouditeursverslag voorsien ingevolge artikel 57.

(2) Die registrateur moet 'n gesertifiseerde afskrif van, of uittreksel uit, enige van die dokumente bedoel in subartikel (1) aan enige persoon voorsien wat die voorgeskrewe geld betaal het.

57 Rekords en ouditerings

(1) Elke private inrigting vir hoër onderwys moet ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, beginsels en prosedures-

- (a) boeke en rekords hou van inkomste, uitgawes, bates en laste;
- (b) binne drie maande na die einde van die jaar finansiële state opstel, met inbegrip van ten minste-
 - (i) 'n staat van inkomste en uitgawes vir die vorige jaar;
 - (ii) 'n balansstaat soos aan die einde van die vorige jaar; en
 - (iii) enige ander inligting wat die registrateur redelikerwys mag benodig.

(2) Elke private inrigting vir hoër onderwys moet, binne die tydperk deur die registrateur bepaal-

- (a) toesien dat 'n jaarlikse ouditering van sy boeke, rekeningrekords en finansiële state deur 'n ouditeur gedoen word, wat die ouditering ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditeringstandaarde moet uitvoer;
- (b) die registrateur voorsien van 'n gesertifiseerde afskrif van die ouditeursverslag ten opsigte van die finansiële state bedoel in subartikel (1); en
- (c) die registrateur voorsien van enige bykomende inligting, besonderhede of dokumente op die wyse deur die registrateur bepaal.

58 Wysiging van registrasie

'n Private inrigting vir hoër onderwys kan by die registrateur aansoek doen om die

wysiging van sy registrasie of voorlopige registrasie-

- (a) op die wyse deur die registrateur bepaal; en
- (b) by betaling van die voorgeskrewe geld.

[A. 58 gewysig by a. 19 van Wet 23 van 2001.]

59 Vereistes vir wysiging van registrasie en besluit oor aansoek

(1) Die registrateur mag nie die registrasie van 'n private inrigting vir hoër onderwys wysig nie, tensy die registrateur tevrede is dat die wysiging in die belang van hoër onderwys is en aan die bepalings van hierdie Wet voldoen.

(2) Die registrateur kan verdere inligting, besonderhede of dokumente ter ondersteuning van 'n aansoek om so 'n wysiging vereis.

(3) Indien die registrateur besluit-

- (a) om die aansoek goed te keur, moet die registrateur-
 - (i) die registrasiesertifikaat of sertifikaat van voorlopige registrasie dienooreenkomstig wysig;
[Sub-par. (i) vervang by a. 20 van Wet 23 van 2001.]
 - (ii) 'n afskrif van die gewysigde sertifikaat aan die applikant besorg; en
 - (iii) so gou redelikerwys doenlik na die besluit die gewysigde sertifikaat in die *Staatskoerant* publiseer; of
- (b) om nie die aansoek toe te staan nie, moet die registrateur die applikant skriftelik van die besluit verwittig en die applikant van skriftelike redes vir die besluit voorsien.

60 Voorwaardes vir registrasie

(1) Die registrateur kan aan 'n private inrigting vir hoër onderwys enige redelike voorwaarde oplê, wat 'n voorwaarde kan insluit dat nie een van die woorde "universiteit" of "technikon" of enige afleiding daarvan in sy naam mag verskyn nie, ten opsigte van-

- (a) sy registrasie;
- (b) sy voorlopige registrasie; of
- (c) enige wysiging van sy registrasie of voorlopige registrasie.

[Sub-a. (1) vervang by a. 21 van Wet 23 van 2001.]

(2) Die registrateur kan verskillende voorwaardes kragtens subartikel (1) ten opsigte van

verskillende inrigtings oplê, indien daar redelike gronde vir die onderskeid is.

61 Wysiging of kansellering van voorwaardes

Die registrateur kan, behoudens artikel 63, op redelike gronde enige voorwaarde opgelê kragtens artikel 60 wysig of kanselleer of nuwe voorwaardes kragtens daardie artikel oplê.

62 Kansellering van registrasie

(1) Die registrateur kan, behoudens artikel 63, op redelike gronde enige registrasie of voorlopige registrasie ingevolge hierdie Wet kanselleer.

[Sub-a. (1) vervang by a. 22 van Wet 23 van 2001.]

(2) Indien die akkreditering van 'n program aangebied deur 'n private inrigting vir hoër onderwys ingetrek word, moet die registrateur daardie inrigting se registrasie heroorweeg.

63 Stappe voor wysiging of kansellering

Die registrateur mag nie kragtens artikel 61 of 62 optree nie, tensy die registrateur-

- (a) die private inrigting vir hoër onderwys verwittig het van die voorneme om aldus op te tree en die redes daarvoor;
- (b) die private inrigting vir hoër onderwys en ander belanghebbendes die geleentheid gegee het om vertoë ten opsigte van die optrede te rig; en
- (c) die vertoë oorweeg het.

64 Appèl na Minister

(1) Enige belanghebbende kan na die Minister appelleer teen enige besluit van die registrateur ingevolge hierdie Hoofstuk.

(2) 'n Appèl bedoel in subartikel (1) moet by die Minister ingedien word binne 60 dae na die datum van die registrateur se besluit.

(3) Die Minister kan, by die aanvoer van gegronde redes, die tydperk verleng waarin 'n appèl teen die besluit van die registrateur aangeteken kan word.

(4)

[Sub-a. (4) geskrap by a. 23 van Wet 23 van 2001.]

HOOFSTUK 8 ALGEMEEN (aa 65-70)

65 Naamsverandering van openbare inrigting vir hoër onderwys

(1) Ondanks enige teenstrydige bepaling in enige ander wet kan 'n raad van 'n openbare

inrigting vir hoër onderwys met die instemming van die Minister en by kennisgewing in die *Staatskoerant* die naam van die inrigting vir hoër onderwys verander.

(2) Enige naamsverandering beoog in subartikel (1) raak nie enige reg, plig, aanspreeklikheid of verpligting van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys nie.

[A. 65 vervang by a. 9 van Wet 54 van 2000.]

65A Setel van openbare inrigting vir hoër onderwys

(1) Die setel van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys is die fisiese ligging van die inrigting soos in artikels 20 (3) (c), 21 (2) (c) en 23 (3) (c) beoog, waar die inrigting sy onderrigbedryghede beoefen, en moet in die institusionele statuut omskryf word.

[Sub-a. (1) vervang by a. 12 van Wet 63 van 2002.]

(2) Behoudens die goedkeuring van die Minister, kan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys sy onderrigbedryghede beoefen weg van sy setel in subartikel (1) beoog.

(3) Indien die onderrig- en navorsingsbedryghede in subartikel (2) beoog binne die setel van 'n ander openbare inrigting vir hoër onderwys val, of op 'n plek plaasvind waar die onderrigbedryghede van 'n ander openbare inrigting vir hoër onderwys beoefen word, is die Minister se goedkeuring onderhewig aan oorlegpleging met sodanige ander openbare inrigting vir hoër onderwys.

[A. 65A ingevoeg by a. 24 van Wet 23 van 2001.]

65B Grade, diplomas en sertifikate

(1) 'n Openbare inrigting vir hoër onderwys kan, behoudens sy institusionele statuut en hierdie Wet, diplomas en sertifikate uitreik en grade toeken.

(2) Behalwe soos in artikel 65C bepaal, mag geen diploma of sertifikaat uitgereik word en geen graad toegeken word deur 'n openbare inrigting vir hoër onderwys aan enige persoon wat nie-

- (a) vir die tydperk deur die senaat van sodanige openbare inrigting vir hoër onderwys voorgeskryf, as 'n student van sodanige instelling geregistreer was nie; en
- (b) die werk voltooi en die standaard van bekwaamheid deur evaluering bepaal soos deur die senaat van die openbare inrigting vir hoër onderwys vereis, behoudens artikel 7, bereik het nie.

[A. 65B ingevoeg by a. 24 van Wet 23 van 2001.]

65C Eregrade

(1) 'n Openbare inrigting vir hoër onderwys kan, behoudens sy institusionele statuut, sonder 'n eksamen, eregrade van meester of doktor in enige fakulteit aan 'n persoon toeken wat die openbare inrigting vir hoër onderwys so 'n graad waardig ag.

(2) Die toekenning van 'n graad beoog in subartikel (1) maak die houer daarvan nie geregtig om enige beroep te beoefen nie.

[A. 65C ingevoeg by a. 24 van Wet 23 van 2001.]

65D Kwalifikasies op Nasionale Kwalifikasieraamwerk geregistreer

(1) Geen persoon kan 'n graad, 'n hoër onderwysdiploma of hoër onderwyssertifikaat aanbied, toeken of uitreik, waarvoor op die hoër onderwys kwalifikasieraamwerk voorsiening gemaak word nie, tensy sodanige graad, diploma of sertifikaat op die subraamwerk vir hoër onderwys of die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog in artikel 7 (*b*) gelees met artikel 13 (1) (*h*) van die "National Qualifications Framework Act", geregistreer is.

(2) Ondanks subartikel (1), kan 'n openbare inrigting vir hoër onderwys wat van voorneme is om enige onderwysprogram of bedryfs- en beroepsleerprogramme wat kan lei tot 'n kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie op die subraamwerk vir bedryf en beroepe in artikel 7 (*c*) van die "National Qualifications Framework Act" beoog aan te bied, kan die kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie aanbied behoudens-

- (a) die goedkeuring van die Minister; en
- (b) nakoming van enige voorwaarde wat deur die Minister gestel word.

[A. 65D ingevoeg by a. 3 van Wet 26 van 2010.]

66 Misdrywe

(1) Enige persoon, uitgesonderd 'n inrigting vir hoër onderwys, wat sonder die gesag van 'n inrigting vir hoër onderwys-

- (a) enige program vir hoër onderwys of 'n deel daarvan aanbied of voorgee om dit aan te bied;
- (b) 'n kwalifikasie toeken wat voorgee 'n kwalifikasie toegeken deur 'n inrigting vir hoër onderwys of in samewerking met 'n inrigting vir hoër onderwys te wees; of
- (c) 'n handeling uitvoer wat voorgee uitgevoer te wees namens 'n inrigting vir hoër onderwys,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir bedrog

opgelê kan word.

(2) Enige persoon wat voorgee dat 'n kwalifikasie deur 'n inrigting vir hoër onderwys aan hom of haar toegeken is, terwyl geen so 'n kwalifikasie in werklikheid aldus toegeken is nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir bedrog opgelê kan word.

(3) Enige persoon wat artikel 51 (1) (a), 54 (7) of 55 (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

[Sub-a. (3) vervang by a. 10 van Wet 54 van 2000.]

(4) Enige private inrigting vir hoër onderwys wat nie aan artikel 55 (1) voldoen nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 000.

67 Beperking van aanspreeklikheid

Die Staat, die RHO en enige ander persoon ingevolge hierdie Wet aangestel, is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade gely deur enige persoon as gevolg van enige handeling te goeder trou verrig of nagelaat in die loop van die verrigting van enige werksaamheid beoog in hierdie Wet nie.

68 Delegering van bevoegdhede

(1) Die Minister kan, op die voorwaardes wat hy of sy bepaal, enige van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet delegeer, behalwe die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, en enige van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet toewys aan-

- (a) die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys;
- (b) die RHO;
- (c) 'n werknemer van die Departement van Onderwys;
- (d) 'n staatsorgaan.

(2) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kan, op die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet of aan hom gedelegeer ingevolge subartikel (1), delegeer, behalwe die bevoegdheid om-

- (a) 'n institusionele statuut uit te vaardig;
- (b) 'n ooreenkoms beoog in artikel 40 (2) aan te gaan; of
- (c) 'n handeling beoog in artikel 40 (3) te verrig,

en enige van sy pligte ingevolge hierdie Wet of ingevolge subartikel (1) aan hom toegewys, toewys aan die ander interne strukture, die hoof of 'n ander werknemer van die betrokke

openbare inrigting vir hoër onderwys.

[Sub-a. (2) vervang by a. 11 van Wet 54 van 2000.]

(3) Die hoof van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys kan, op die voorwaardes wat hy of sy bepaal, enige van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet deleger, en enige van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet toewys, aan enige werknemer van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 9 van Wet 55 van 1999.]

(4) Die RHO kan, op die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet deleger, en enige van sy pligte ingevolge hierdie Wet toewys, aan enige van sy komitees of werknemers.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 9 van Wet 55 van 1999.]

69 Regulasies

Die Minister kan regulasies bestaanbaar met hierdie Wet uitvaardig oor-

- (a) enige aangeleentheid wat die Minister ingevolge hierdie Wet by regulasie kan of moet voorskryf;
- (b) die maksimum besoldiging van raadslede;
- (c) die raamwerk vir jaarlikse verslagdoening;
- (d) enige beleidsaangeleentheid soos in artikel 3 beoog;
- (dA) die samestelling, prosedures en duur van enige komitee van die RHO;

[Par. (dA) ingevoeg by a. 6 van Wet 39 van 2008.]

- (dB) die omstandighede waaronder en wyse waarop gelde vir in artikel 7 beoogde dienste betaal moet word; en

[Par. (dB) ingevoeg by a. 6 van Wet 39 van 2008.]

- (e) enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

[A. 69 vervang by a. 13 van Wet 63 van 2002.]

70 Toepassing van Wet wanneer strydig met ander wette

Hierdie Wet geld bo enige ander wet wat handel oor hoër onderwys, behalwe die Grondwet.

HOOFTUK 9

OORGANGS- EN ANDER BEPALINGS (aa 71-77)

71 Bestaande statute en reëls van openbare inrigtings vir hoër onderwys

Die bestaande statuut en reëls van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys van krag by die inwerkingtreding van hierdie Wet, bly van toepassing in die mate waarin die statuut en reëls met hierdie Wet bestaanbaar is.

72 Bestaande teknikons en universiteite

(1) Enige technikon wat ingestel is of geag word ingestel te wees ingevolge die Wet op Teknikons, 1993 (Wet 125 van 1993), en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het, word geag 'n technikon ingevolge hierdie Wet ingestel te wees.

(2) Enige universiteit ingestel by of ingelyf deur 'n private Wet van die Parlement bly bestaan en word geag 'n universiteit ingevolge hierdie Wet ingestel te wees, ondanks die herroeping van sodanige private Wet deur die Wysigingswet op Hoër Onderwys, 2001.

[Sub-a. (2) vervang by a. 25 van Wet 23 van 2001.]

(3) Behoudens enige ander toepaslike wet bly alle diensvoorwaardes of diensvoordele wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op 'n universiteit of technikon van toepassing was, bestaan totdat dit deur die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys gewysig word.

(4) Rade, senate en forums van teknikons en universiteite wat bestaan by die inwerkingtreding van hierdie Wet, bly voortbestaan en verrig die werksaamhede wat hulle verrig het voor die inwerkingtreding, maar moet voldoen aan die bepalings van hierdie Wet binne 18 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

73 Afskaffing van Adviesraad vir Universiteite en Teknikons

(1) Die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons ingestel ingevolge die Wet op die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons, 1983 (Wet 99 van 1983), bly voortbestaan en verrig sy werksaamhede asof daardie Wet nie herroep is nie, totdat die RHO met sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet begin.

(2) Die RHO begin met sy werksaamhede op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

74 Afskaffing van statutêre status van Komitee van Universiteitshoofde, Matrikulasieraad en Komitee van Technikonhoofde

(1) Die Komitee van Universiteitshoofde, die Matrikulasieraad en die Komitee van Technikonhoofde bly voortbestaan en verrig hulle werksaamhede tot die datum of datums beoog in subartikel (2), asof die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), en die Wet op Teknikons, 1993 (Wet 125 van 1993), nie herroep is nie.

(2) Behoudens subartikel (3) hou die Komitee van Universiteitshoofde, die Matrikulasieraad en die Komitee van Teknikonhoofde op om as statutêre liggame te bestaan op 'n datum of datums deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

(3) Die Minister kan slegs 'n bepaling ingevolge subartikel (2) maak-

- (a) na raadpleging met SAKO en die betrokke liggaam; en
- (b) na die Minister die aanbevelings deur SAKO en die betrokke liggaam, soos beoog in artikel 15 (2) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995 (Wet 58 van 1995), oorweeg het.

(4) Ondanks subartikel (3) (b) kan die Minister 'n bepaling ingevolge subartikel (2) maak indien SAKO en die betrokke liggaam nie aanbevelings doen soos beoog in subartikel (3) (b) binne 'n redelike tydperk na 'n skriftelike versoek deur die Minister om dit te doen nie.

(5) Die Komitee van Universiteitshoofde en die Komitee van Teknikonhoofde bepaal die wyse waarop daar by hulle ontbinding as statutêre liggame met hulle bates en laste gehandel word.

(6) Die gesamentlike statute en gesamentlike regulasies en reëls uitgevaardig ingevolge die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), en die Wet op Teknikons, 1993 (Wet 125 van 1993), bly van krag tot op die datum of datums beoog in subartikel (2).

75 Vrystelling van bestaande private inrigtings vir hoër onderwys

(1) Artikels 51 en 66 (3) en (4) is nie van toepassing op 'n persoon wat hoër onderwys op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet voorsien nie, tot 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

76 Herroeping van wette

(1) Die Wet op die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons, 1983 (Wet 99 van 1983), word hierby in sy geheel herroep.

(2) Die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), word hierby in sy geheel herroep.

(3) Die Wet op Teknikons, 1993 (Wet 125 van 1993), word hierby in sy geheel herroep.

(4) Die Wet op Tersiere Onderwys, 1988 (Wet 66 van 1988), word hierby in sy geheel herroep.

(5) Die Wysigingswet op Teknikons, 1995 (Wet 27 van 1995), word hierby in sy geheel herroep.

[Sub-a. (5) bygevoeg by a. 10 van Wet 55 van 1999.]

(6) Die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), word hierby in sy geheel

herroep.

[Sub-a. (6) bygevoeg by a. 10 van Wet 55 van 1999.]

(7) Die Wet op Universiteitspersoneel (Onderwys en Opleiding), 1984 (Wet 91 van 1984), word hierby in sy geheel herroep.

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 12 van Wet 54 van 2000.]

77 Kort titel

Hierdie Wet heet die Wet op Hoër Onderwys, 1997.